

# Move




van

Stuck

na

Moving



Ses Weke  
Dagstukkies





van  Stuck na  Moving



# Indeks



## Week 1: VAN STUKKEND na HEEL

- Dag 1 God se liefde vir jou is persoonlik!
- Dag 2 Wysheid om die pad te loop
- Dag 3 Jy moet reg kies
- Dag 4 Dit is geskryf op jou hart
- Dag 5 Oefen om vanuit sy teenwoordigheid te beweeg
- Dag 6 Beleef God se guns en teenwoordigheid ongeag jou omstandighede



## Week 2: VAN OORGESKEDULEERD na GEORGANISEER

- Dag 1 'n Ander perspektief op “besig-wees”
- Dag 2 Onderskei tussen die rol van die horlosie en die kompas in jou lewe
- Dag 3 Het duidelikheid oor eie lewensvisie en waardes
- Dag 4 Fokus op dit wat belangrik is
- Dag 5 Gee God inspraak in jou weekprogram
- Dag 6 Fokus op God se prosesse



## Week 3: VAN OORWELDIG na IN BEHEER

- Dag 1 Besef dat alles wat jy het van God af kom
- Dag 2 Leef dankbaar binne God se huidige voorsiening
- Dag 3 Eer die Here deur 'n tiende van jou inkomste te gee vir sy koningryk
- Dag 4 Spaar 'n gedeelte van jou inkomste vir noodgevalle en vir aftrede
- Dag 5 Begroot maandeliks vir jou lewenswyse
- Dag 6 Leef elke dag luisterend en met 'n oop gemoed om die Here se leiding en inspraak te volg

**Week 4: VAN GEÏSOLEERD na CONNECTED**

- Dag 1 Connected mense kommunikeer
- Dag 2 Connected mense raak ook kwaad
- Dag 3 Connected mense vergewe
- Dag 4 Connected mense neem inisiatief as dit kom by vergifnis
- Dag 5 Connected mense daag op
- Dag 6 Connected mense groei saam

**Week 5: VAN VERDWAAL na GEVIND**

- Dag 1 Verdwaalde mense is oral om ons
- Dag 2 Jesus sien verdwaaldes raak
- Dag 3 Hoe werk vriendskapsevangelisasie?
- Dag 4 Hier is ek Here, stuur my!
- Dag 5 Overflow
- Dag 6 Gebed vir almal ...

**Week 6: VAN ANGSTIG na VREDE**

- Dag 1 Jesus se vredevolle teenwoordigheid in storms
- Dag 2 Wie is ek in die storm?
- Dag 3 Vrede in onsekerheid
- Dag 4 Waar vind ek hulp?
- Dag 5 Oorweldig
- Dag 6 Vrede



# WELKOM kom **MOVE** saam met ons!

**K**om saam met ons op 'n journey van **Stuck na Moving**

Het jy al ooit gevoel jy is vasgevang op een plek en jy kan nie uitkom by die plek waar jy graag wil uitkom nie? In Engels sal mens sê jy is “stuck”. Jy weet jy moet beter beplan, beter verhoudings hê, beter met jou geld werk, nader aan die Here leef, minder angstig wees of net begin om vanuit jou stukkende toestand te beweeg. Dit is waaroor hierdie 40 dae gaan. Dit gaan jou help om te MOVE vanaf die plek waar jy vasgevang sit na 'n beter plek toe.

Oor die volgende 40 dae gaan ons by ses temas stilstaan wat ons almal kan help om weer ons lewens aan die gang en op koers te kry.

Hierdie temas is as volg:

- Van Stukkend na Heel
- Van Oorgeskeduleerd na Georganiseer
- Van Oorweldig na In Beheer
- Van Geïsoleerd na Connected
- Van Verdwaal na Gevind
- Van Angstig na Vrede

Hierdie is alles bewegings wat ons moet maak en die uitdaging is om elke dag getrou saam met ons op hierdie reis te gaan. Kom MOVE saam met ons!



## Hoe om die boekie te gebruik

Hierdie boekie is in ses weke opgedeel en elke week begin met plek vir preeknotas. Gebruik dit op 'n Sondag om notas van die preek te maak. Onthou die Sondagpreek lei die weektema in.

Daar is ses dagstukkies in elke week - Maandag tot Saterdag - en dit kan jy op jou eie tydens jou persoonlike stiltetyd deurwerk. Gebruik die spasie wat daar is om jou gevoelens, gedagtes en gevolgtrekkings neer te skryf. Elke dagstukkie het ook vrae aan die einde wat hiermee kan help.

Dan is daar as deel van elke week ook die groepbespreking. Dit is belangrik dat jy vir hierdie 40 dae deel van 'n groep sal wees waar jy weekliks na 'n DVD sal kyk. Tydens die DVD kan jy die “invulnotas” gebruik om te volg en na die tyd kan jy saam met die groep die groepbesprekingsvrae doen.

## Erkenning

Hierdie 40 dae-reeks is saamgestel deur die leierskapspanne van drie gemeentes, naamlik: AGS Bellville, Dei Gratia Gemeente en Waterkloof AGS.

Mag jy in dié tyd regtig ervaar hoe God jou beweeg na die plek toe waar jy moet wees.

Groete.

Die **MOVE**-span



# Stukkend na Heel

**O**ns begin met ons journey van die Move-reeks. Ons beweeg hierdie week van Stukkend na Heel.


*Johannes 10:10 [nlv] “Die dief kom vir niks anders nie as om te steel, dood te maak en te vernietig. Ek het gekom sodat hulle lewe kan hê, ja, om dit oorvloedig te hê.”*



# Stukkend na Heel

Preeknotas:

Move





# Stukkend na Heel

## God se Liefde vir jou is Persoonlik!

**1 Petrus 5:6-7 [NLV]** *Word daarom klein onder die kragtige hand van God; op sy tyd sal Hy julle groot maak. Gee al julle bekommernisse aan God oor, want Hy gee vir julle om.*

As daar een ding is waarvan ons moet bewus, wees is dit dat ons van God afhanklik moet wees vir elke beweging in ons lewens. Ons dra soms ons gebrokenheid gelate asof dit deel van ons lewens moet wees. Dit is omdat ons God soms as 'n abstrakte, vêr God sien. Ons is ook soms te vol van onself en ons opinies oor God. Om sy liefde te kan ervaar moet ons op Hom kan vertrou, ons self klein maak en God sy regmatige plek in ons lewens laat inneem. Dan kan jy jou gebrokenheid aan God oorgee as 'n Hemelse Vader wat werklik vir jou lief is. As jy God aanroep, sal Hy jou sy aandag gee met al die hemelse hulpbronne waarmee Hy ons ondersteun.

God wil by jou alledaagse lewe betrokke wees sodat jy voluit vanuit sy genade kan lewe. Moenie iets eenkant toe skuif as onbenullig nie, want dan sê jy by implikasie dat God nie vir jou omgee nie.

**Luk 12:7 [NLV]** *Selfs die hare op julle kop is almal getel. Moet dus nie bang wees nie; julle is vir Hom meer werd as 'n hele swerm mossies.*

Jy maak soveel vir Hom saak dat tot jou hare (ook vir julle wat nie het nie 😊) saak maak! Die boodskap is dat God meer vir jou omgee as wat jy kan dink. Niks in jou lewe is te groot of te klein vir die Here om nie belang te stel in jou lewe nie. Sy liefde is intens persoonlik! Hy wil by meer as net jou saligheid betrokke wees. Hy wil jou sielsmens heel maak. Dit is die lewe binne die genadeverbond! Hy wil jou totale lewe raak en sy guns in jou lewe laat beleef.

**Joh 10:3 [NLV]** *Hy roep sy eie skape op hulle name en lei hulle uit.*

Hy ken jou by jou naam, Hy stel intens in jou persoonlike lewe belang. Sy onverdiende genade omvou jou, beskerm jou en lei jou na heel wees.

### Gebed:

*Vader, dankie dat U my persoonlik liefhet, dat U in elke detail van my lewe belangstel en dat U u genade aan my wil openbaar in elke aspek van my lewe. Ek vra op grond van u genade dat U my vandag sal lei en beskerm en my sal help om klein te bly sodat U groot kan wees in my lewe. Ek gee U al my gebrokenheid en weet dat U vir my sal sorg en my sal lei na heelheid.*

---

---

---

---

### Oordink:

God gee intens om vir my en sy liefde vir my is persoonlik. Hy stel belang in elke detail van wie ek is en wat ek beleef. Lys 'n paar goed waarby jy God wil betrek om jou heel te maak.

## Wysheid om die pad te loop

**1 KOR 1:30[NLV]** *Dit is deur God alleen dat julle nou aan Christus Jesus behoort. Dit is deur Hom dat Jesus vir ons die wysheid van God geword het, die Een deur wie God ons vrygespreek en vir Homself geheilig en vrygekoop het.*

Dit is God wat onself met Hom versoen het deur Christus te laat sterf vir ons totale menswees. Ons kan wys lewe! Ons wandel nie meer in duisternis en gebrokenheid rond en wonder oor die hoe en wat van die lewe nie. Ons het al die wysheid om vandag suksesvol te kan wees in ons menswees. Ons gebrokenheid hoef nie meer die padkaart van ons lewens te wees nie.

Ons kan vanweë die feit dat ons voor God geheilig staan en vrygekoop is, vry van die seer en stukkend van die verlede leef. Ons kan begin glo dat nie net ons verhouding nou nuut is nie, maar dat ons beslis nie meer in die vrug van die gebrokenheid hoef te leef en te wandel nie. Dit is 'n totale nuwe lewe! Waar die ou lewenswandel vanuit gebrokenheid ons besluite en rigting dikteer het, kan ons nou vanuit die wysheid wat Jesus in ons lewens plaas, besluite neem en rigting bepaal.

**Fil 2:13 [NLV]** *Dis mos God wat die gewilligheid en die vermoë in julle bewerk om te handel volgens wat Hy graag wil hê!*

Hierdie wysheid kom nie net in insig oor die weg wat bewandel moet word nie, jy word ook deur die Heilige Gees die vermoë gegee om dit te doen. Skielik word dit nie meer 'n stryd teen my gebrokenheid nie, maar eerder 'n bewustheid van wie ek is en waartoe ek in staat is.

Jy word nie heel deur ontkenning en maskers nie. As jy daarop fokus gaan jy verseker struikel. In Amerika het hulle 'n motorsport waar die karre teen 'n hoë snelheid om 'n baan jaag – rondom die baan is daar 'n muur (NASCAR). Een van die eerste lesse wat hierdie bestuurders geleer word, is om nie na die muur te kyk nie (want jy sal verseker daarin vasjaag). Vertrou op jou vermoë om te kan jaag. Leer vandag die les! Hou op om na gebrokenheid te kyk. Begin om in geloof die pad te loop wat voor jou lê deur die wysheid wat Jesus in jou hart plaas. Deur sy Heilige Gees kan ons weet hoe om reg te kies en in die vryheid te bly wat die Here ten duurste vir ons gekoop het.

### Gebed:

*Vader, dankie dat U my in Christus geplaas het en Hom in my! Nou kan ek altyd in wysheid wandel en weet om die regte keuses te maak. Daar is geen probleem of gebrokenheid in my wat ek nie kan oorkom nie. Daar is geen onsekerheid in my oor wat u wil in my 'journey' saam met U is nie. Dankie dat U my wysheid is om elke dag die regte besluite te maak en reg te kies wanneer ek in versoeking en beproewing kom. Ek glo dat dit wat vandag nog dalk onseker is in my hart sal uitwerk soos wat ek op U vertrou om die wysheid te bekom om die regte keuses te maak.*

---

---

---

### Oordink:

Ek is in Christus en Hy is in my. Hy maak my heel en daarom kan ek in wysheid wandel, nie uit gebrokenheid nie!

# Stukkend na Heel

## Jy moet reg kies

*Psalm 1:1 [NLV] Gelukkig is die mens wat nie loop volgens die raad van goddeloses, of staan op die pad van sondaars, of sit in die vergadering van spotters nie.*

Heelheid en heelwees kom van God en kom vanweë sy onverdiende genade. Dit is nie iets wat jy kan bekom of voor studeer nie. Ons kan ook nie net na die raad van mense luister op ons 'journey' van stukkend na heel nie. Mense gee opreg raad in ons gebrokenheid en plaas soms etikette op ons. Heelheid is beslis nie iets wat jy van die wêreld en vriende kan bekom nie. Jy kan deesdae baie selfhelp-boeke bekom, maar die meeste daarvan is gebaseer op menslike wysheid en is daarop gerig om die mens se vlees te bou. Ons het nie meer "self help" nodig nie, maar werklik God se hulp om by sy heelwees-prentjie van my uit te kom ... Mense neem groot besluite oor hulle huwelike, besighede, kinderopvoeding en finansies op grond van wat die "mense" sê en wat hulle seer impliseer, eerder as op grond van die Woord van God.

In ons 'journey' het ons werklik God nodig! Ons het sy inspraak in ons lewens nodig.

**Psalm 1:2 [NLV]** *Hy vind egter vreugde in die gebooi van die Here en oordink sy voorskrifte dag en nag.* Ons het nodig om die Woord van God in ons lewens konstant te oordink. Dit gee aan ons insig om te weet hoe God ons sien en hoe heelwees volgens die Woord lyk.

Jou lewe sal verander, dit sal sigbaar wees. **Psalm 1:3 [NLV]** *Hy is soos 'n boom geplant langs waterstrome, wat vrugte dra op die regte tyd. Sy blare verwelk nie; in alles wat hy doen, is hy voorspoedig.* Jou lewe verander van staan en val, na 'n lewe van goeie besluite en 'n konstante wandel van stukkend na heel eerder as van stukkend na stukkender. Dit veroorsaak 'n impak op elke faset van jou lewe en jy beleef vrede en sterkte op jou 'journey'.

Maak die bewuste keuse om nie na die etikette wat mense op jou geplaas het te luister nie. Moenie luister na raad om in jou gebrokenheid te bly en daarmee vrede te maak nie. Hoor persoonlik by God hoe Hy jou sien en soek sy wil in sy Woord, en gebruik dit dan alleen as voorskrif in jou wandel na heelheid met Hom.

### **Gebed:**

*Vader, ek neem vandag die besluit om nie net na mense en hulle etikette van my lewe te luister nie. Ek wil u wil soek en ervaar. Ek vra na u wysheid en insig en dat U my sal lei. Help my om my oë op Jesus gevestig te hou en afhanklik van die leiding van die Heilige Gees te lewe en te wandel. Dankie dat ek ook op U kan vertrou om Goddelike mense op my pad te stuur wat ook kan help om rigting in my lewe aan te dui. Ek weet dat ek soos 'n boom geplant by die water sal wees en dat vrug in my lewe sigbaar sal wees.*

---

---

---

### **Oordink:**

Wanneer ek vir heelheid op God staatmaak, sal ek geseënd wees met vrug en sukses in alles wat ek doen.

## Dit is geskryf op jou hart

*Fil 2:13 [NLV] Dis mos God wat die gewilligheid en die vermoë in julle bewerk om te handel volgens wat Hy graag wil hê!*

God maak dit vir ons moontlik om die pad van heelheid te loop wat Hy wil hê ons moet loop. Hy stel ons in staat om te MOVE! God praat in ons harte. Dit is hoe ons liefdevolle Vader ons wil lei en help om die regte pad te loop. Hy skryf sy voorskrifte in ons harte en in ons gedagtes. Om sy stem te hoor oor rigting en “ja” en “nee” word maklik deur die werking van die Heilige Gees in jou hart.

As jy sy stem hoor, oefen om dadelik te reageer. Jy sal beleef hoe maklik dit is om te beweeg en hoe direk sy leiding is. As jy in jou hart die oortuiging het om goed te doen, wees gehoorsaam. As jy dinge moet aanpak om te beweeg van stukkend na heel, help Hy jou. Soms vrees ons om te beweeg omdat ons bang is vir mense se reaksie. Wees net gehoorsaam en doen wat die Here op jou hart lê en laat die res aan Hom oor.

In die eerste plek is dit God wat jou gewillig maak. Dit is die klop aan jou hart om te doen, om te beweeg, die wil om op te tree, nee vir verlede te sê en die regte besluite te maak vir die toekoms. Dan kom God en gee jou die vermoë en die krag om dit deur te voer. Sy Heilige Gees maak jou sterk om dinge aan te pak en te wen op terreine waar jy nie voorheen suksesvol was nie.

Jy het 'n nuwe hart met nuwe insig en dit help jou op jou 'journey' dat jy nie weer afdwaal na die ou weë nie.

### **Gebed:**

*Vader, dankie dat U u wil eenvoudig in my hart skryf. Dat ek dit maklik kan volg en beweeg van stukkend na heel omdat u Gees my daartoe in staat stel. Ek hoef nie te vrees nie, want U hou my vas en help my om nie te struikel nie. Ek kan met vertroue die pad stap. Wek die begeertes in my hart om u wil te doen, aan ander goed te doen en sodoende lewens deur die genade wat ek ontvang om heel te wees, te raak. Dankie dat U my lei vandag.*

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

### **Oordink:**

Jy kan net vra dat God sy wil in jou hart sal wakker maak.

# Stukkend na Heel

## Oefen om vanuit sy teenwoordigheid te beweeg

**Hand 17:27b-28a [NLV]** *Nie dat Hy vêr van enigeen van ons af is nie.  
Dis tog juis deur Hóm dat ons leef, beweeg en bestaan.*

Ons leef soms asof die Here vêr en 'n abstrakte begrip is. Een wat net by groot krisis en nood moontlik sal betrokke raak as ons reg bid, sekere formules nakom en reg leef. Met ander woorde as ons dit verdien. Ons hele beweeg en bestaan is in en deur Christus.

Ons moet oefen om vanuit 'n bewustheid van sy teenwoordigheid te begin leef. Hy is nie vêr van enige een van ons nie. Party soek Hom op plekke, kerke, suksesse, mag en formules terwyl die Here deur sy Gees in ons woon. Ons moet leer 'journey' vanuit hierdie bewustheid. Christus woon in my en daarom kan ek wen, daarom is ek geseën met wysheid op elke terrein van my handel en wandel hier op aarde. Leer om afhanklik van sy krag en leiding te beweeg, jou lewensbestaan uit te leef en sterk te loop deur sy krag.

Nou moet ons oefen om te beweeg [MOVE] vanuit hierdie werklike teenwoordigheid. Paul Yonggi Cho het 'n boek geskryf, "Good morning Holy Spirit". Leer om dit daaglik te doen. Nooi die Heilige Gees in jou alledaagse lewe in en sien hoedat jou resultate begin verander binne jou menswees, stryd, versoekings, verhoudings en besluitnemings. Jy sal soos Dawid kan uitroep: "Al gaan ek deur 'n dal van doodskaaduwee, ek sal geen onheil vrees nie, want U is met my".

Maak jouself bewus van hierdie werklikheid totdat jy geoefen is om vanuit Sy teenwoordigheid op te tree.

### **Gebed:**

*Hemelse Vader van liefde en genade, ek dank U dat ek 'n tempel is van u Heilige Gees. Dat U gekies het om my u woonplek te maak. Dankie dat dit my menswees verander. Dankie dat ek nie alleen of op myself aangewese is hier op aarde in my alledaagse lewe en my storms, om self besluite te neem, self my volgende tree te bepaal en self my bestaan uit te klaar nie. Dankie dat ek op U kan staatmaak om my 'journey' saam met my te loop en dat U nie een oomblik vêr van my af is nie. Help my om deur u Gees te beweeg en agter te kom dat dit bevryding in my alledaagse wandel meewerk.*

---

---

---

---

---

---

---

---

### **Oordink:**

Ek is nie op myself aangewese vir my beweeg en bestaan nie. Ek kan leef deur die krag van die Heilige Gees hier en nou.

## Beleef God se guns en teenwoordigheid ongeag jou omstandighede

**Psalm 139:7-10 [NLV] 7** Waarheen sou ek kon gaan om U Gees te ontwyk?

*Of waarheen sou ek kon uitwyk om u teenwoordigheid te ontvlug?*

**8** Gaan ek op na die hemel toe, is U daar; gaan lê ek in die doderyk, dan is U ook daar! **9** Vlieg ek met die daeraad na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste, **10** selfs daar sal U hand my lei, en U regterhand my ondersteun.

Heb 13:5 se belofte is dat God se teenwoordigheid altyd op 'n konstante basis met ons sal wees. God se guns en teenwoordigheid is nie gebaseer op ons uiterlike omstandighede of ons innerlike gebrokenheid nie. Ons lewe té bewus van ons gebrokenheid en omstandighede en te onbewus van God se teenwoordigheid in ons lewens. Weet jy vandag dat die Here jou nooit alleen sal los nie? Weet jy vandag dat, al gaan jy deur watter omstandighede, sal jy altyd kan seker wees dat die Here by jou is?

As jy kan leer om vanuit God se teenwoordigheid in jou lewe te leef en altyd die sekere wete in jou hart te hou dat jy nie alleen is nie, gaan jou 'journey' van stukkend na heel met die Here net soveel sterker wees. Jy gaan jousef minder blootstel aan situasies waar jy skade aan jou menswees kan berokken omdat jy weet waar jy ook al is en waarmee jy ook al besig is, sal die Here by jou wees en gereed wees om jou te help, te beskerm en te lei. Moenie wanneer terugslae op hierdie 'journey' van stukkend na heel kom, die handdoek ingooi en sê 'ek is oorwin, en God is nie by my' nie. Dawid roep dit uit in **Psalm 23** "Wanneer ek loop in 'n baie donker kloof, sal ek nie bang wees nie, want U is naby my. U stok en U staf beskerm en ondersteun my."

Dit is die wete dat ek nooit alleen is nie, wat my help in die stryd om soms te beweeg en my gebrokenheid in die oë te staar. Dan kan ek my krag uit God se teenwoordigheid put om vas te hou en aan te hou en te wen! In plaas van om bitter te word, behou jou vertroue in die Here. Jou suksesse en oorwinnings is verpak in God se teenwoordigheid in jou lewe. Ons moet oefen om bewustelik vanuit hierdie teenwoordigheid te 'journey'. As jy kan oefen om nie te buig voor jou omstandighede nie en bewus te lewe in die teenwoordigheid van die Here, sal jy begin oorwin. Wat jy doen vanuit hierdie teenwoordigheid sal voorspoedig wees.

### **Gebed:**

*Vader, help my om gedurig bewus te wees van u teenwoordigheid, ongeag van waarin en waar ek myself bevind. Help my asseblief om altyd te onthou dat U by my is en my nooit alleen los nie. Dankie dat ek as gevolg van u guns in my lewe in hierdie dag suksesvol sal wees!*

---

---

---

---

---

### **Oordink:**

God se teenwoordigheid in my lewe sal my help om suksesvol te beweeg - ongeag die posisie of die plek waar ek myself bevind.



DVD-invulnotas:

**Efes 5:15-16 [NLV]** *Wees dus baie versigtig hoe julle lewe. Moenie soos 'n dwaas leef nie, leef wys! Benut elke geleentheid, want ons lewe in slegte tye. Moenie ondeurdag optree nie, maar probeer uitvind wat God se wil is.*

1. Baie van die dinge is in ons gewortel - het deel van ons \_\_\_\_\_  
\_\_\_\_\_ geword.

*"All great spirituality is about what we do with our pain. If we do not transform our pain, we will transmit it to those around us"(R Rohr)*

2. Hoe meet ek my waardes?

1. \_\_\_\_\_

2. \_\_\_\_\_

3. \_\_\_\_\_

3. Twee terreine wat moet verander is my denke oor die saak en my doen van die saak.

Ons moet heel word om anders te \_\_\_\_\_

Dan moet ons oefen om anders te begin \_\_\_\_\_

Ons kort soms \_\_\_\_\_ vriende om eerlike gesprekke met ons te hou.

Ons moet \_\_\_\_\_ op die Woord van die Here wat getrou met ons praat.

Ons het nodig om die lewe te \_\_\_\_\_ en nie net in gebrokenheid voort te ploeter op die pad waarop ons tans loop nie.



Vrae vir bespreking:

1. Is hierdie verandering 'n moment of 'n proses? Hoekom?
2. Kan ons self al ons 'stukkend' raaksien, of het ons iemand of iets nodig om ons in te spieël?
3. Noem een terrein in jou lewe waarvan jy van weet, waar jou waardes moet verander word. Hoekom?
4. Hier is dalk vrae wat jy jouself kan vra oor die onderwerpe waaroor ons gaan praat:
  - a. Veroorsaak my skedule komplikasies vir mense om my, of in my liggaam?
  - b. Is my finansies werklik onder beheer – sodat ek ook God daarmee kan dien?
  - c. Is ek 'connected' met ander en leef ek ook vir die mense om my? Staan ek in sinvolle verhoudings?
  - d. Help ek ander om by God uit te kom?
  - e. Leef ek in vrede en rustigheid?
5. Hoe kan ons ons waardes wat lank reeds vasgelê is, verander?

---

---

---

---

---

---


---

---









# Oorgeskeduleerd

# na Georganiseer

**O**ns beweeg hierdie week van Oorgeskeduleerd na Georganiseer

*Efesiërs 5:15-16 [NAV] “Wees baie versigtig hoe julle lewe. Nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons leef in 'n goddelose tyd.”*



# Oorgeskeduleerd na Georganiseer

## Georganiseerde mense het 'n ander perspektief op “besig-wees”

**Lukas 10:40-42 [NAV]** *“Marta was baie bedrywig om alles klaar te maak. Sy kom toe daar staan en sê: 'Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê sy moet my kom help!' Maar die Here antwoord haar: 'Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge, maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies en dit sal nie van haar wegeneem word nie.’”*

Besig-wees het 'n kodewoord geword vir: “Ek doen belangrike werk.” Dit beteken egter gewoonlik ook dat jy nie by die mense en dinge wat eintlik belangrik is in jou lewe, uitkom nie.

Die teksgedeelte hierbo weerspieël 'n prentjie wat hom gereeld in die lewe afspeel: Marta is baie besig. Sy voel waarskynlik dat sy nie 'n ander keuse het nie. Sy moet alles klaarmaak, want as sy dit nie doen nie, wie anders sal dit doen? Sy is bekommerd en besorg dat iets sal skeef loop, of dat sy nie betyds gaan klaar kry nie. Sy het so baie om te doen; dit oorweldig haar 'n bietjie en sy voel dat sy vir niks anders tyd het nie.

Kan dit waar wees? Ons almal het 24 uur per dag. Om te sê: “Ek het nie tyd nie” beteken eintlik dat iets anders my tyd in beslag neem. Die vraag is: Wat neem jou tyd op? Waaraan spandeer jy die 24 uur wat die Here elke dag aan jou gee?

Dit is dalk tyd om 'n aktiwiteitsoudit te doen. Skryf 'n slag neer waaraan jy elke uur van 'n spesifieke dag bestee. Wat doen jy regtig en wat is die doel en resultate daarvan? 'n Mens kan baie “besig” wees, jy kan in baie aktiwiteite betrokke wees - sonder dat dit noodwendig baie effektief is. Jou daaglikse lewe kan baie wees soos iets waarna rugbykommentators soms verwys. Hulle praat van 'n “statiese losgemaal.” Dit beteken eenvoudig dat daar baie aksie en beweging rondom die bal is, maar dat dit eintlik nêrens heen beweeg nie!

Jesus wys Marta daarop dat, alhoewel sy so besig en besorgd is oor baie dinge, daar eintlik net een ding is wat noodsaaklik is. Die meeste Bybelnavorsers is van mening dat Jesus nie verwys het na die maak van net een dis sodat sy daarna meer tyd kon hê om te ontspan nie, maar na die feit dat die noodsaaklike en “beste deel” wat Maria gekies het, is om eers na die woord(e) van Jesus te luister. (Vergelyk Lukas 10:39b)

Die meeste van ons het 'n vol lewe, met baie wat elke dag gedoen moet word. Maar: 'n georganiseerde lewensritme begin nie daarby dat ons net bloot moet wegspring met die aktiwiteite van elke dag en “besig” moet wees nie. 'n Gesonde lewensritme begin daarby dat ons eers tyd met die Woord van God spandeer.

### **Gebed:**

*Help my Here, dat ek nie so besig sal wees met werk en belangrike aktiwiteite dat ek nie tyd het om elke dag eers na U Woord(e) te luister nie. Help my om elke dag in te beweeg vanuit tyd met U. Wys my hoe ek, ook in my werk, my tyd kan spandeer aan dié dinge en mense wat regtig saak maak.*

---

### **Oordink:**

Is die “ek-is-baie-besig”-sindroom besig om deel te word van my lewe? Watter dinge waarmee ek my besig hou, is eintlik nie noodsaaklik nie? Wanneer maak ek tyd om na God se Woord te luister?

# Oorgeskeduleerd na Georganiseer

## Georganiseerde mense onderskei tussen die rol van die horlosie en die kompas in hulle lewe

*Efesiërs 5:15-16 [NAV] "Wees baie versigtig hoe julle lewe. Nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons leef in 'n goddelose tyd."*

'n Horlosie hou tyd en in konteks van ons daaglikse lewe help dit ons om op die regte tyd op die plek te wees wat ons skedule van ons vereis. Vir die meeste van ons, veral die wat met kliënte, pasiënte, prosedures en prosesse werk - is dit nogal belangrik. 'n Mens kan egter so opgeneem word deur jou daaglikse tydskedule dat jy heeltemal tred verloor met die groter prentjie van jou lewe. Waarheen is ek op pad met my lewe? - Dit is waar die kompas inkom.

Die kompas as 'n hulpmiddel om jou rigting te vind en te hou is in ±220vC in antieke China ontwikkel en is ook gebruik om geboue Noord, Suid, Oos en Wes te belyn. Dit was baie handig in navigasie, veral om na 'n lang reis weer jou pad terug huis toe te vind. Min mense gebruik vandag fisies 'n kompas. Ons werk meer met die 'Global Positioning System' (GPS) en die vele gepaardgaande toepassingsprogramme wat 'n mens op jou selfoon kan aflaai. Die kompas speel egter steeds 'n rol in al hierdie rigtingbepalende prosesse.

Die kompas met sy naald wat noord wys, is ook 'n simbool van dit wat regtig saakmaak, van die regte rigting wat jou en my lewe behoort in te slaan en van hoe naby of vêr ons aan daardie pad is.

Hoe dikwels gebeur dit dat iemand baie tyd, ure, dae en jare spandeer om te doen wat die horlosie van hulle vra. Hy/sy is betyds op kantoor, jaag na afsprake, haal doelwitte en tydryne en kry die gesogte bevordering, net om skielik agter te kom dat dit nie regtig is wat hy/sy uit die lewe wil hê nie. Dikwels wanneer iemand die leer geklim het en bo uitkom, kom hulle agter dat die leer al die tyd teen die verkeerde muur gestaan het en sê dan: "Dit is nie waar ek wil wees nie ..."

Dit is hoekom ons altyd nie net 'n horlosie nie, maar ook 'n kompas in die hand moet hou. Vir ons as Christene is hierdie kompas eerstens die Woord en die leiding van die Heilige Gees. 'n Belangrike deel van hierdie kompas is ook om gereeld stil te raak en jouself te vra: "Waarheen is ek op pad met my lewe? - Wat en wie wil ek graag word en hoe gaan ek daar uitkom?"

Dit is 'n goeie gewoonte wat ek al by verskeie van die wêreld se Geestelike leiers opgemerk het, om ten minste een keer 'n jaar, 'n dag of twee uit te sit om hierdie gesprek met jouself te voer. Dit help baie as jy dit wat jy as jou lewensdoel en lewenswaardes beskou, sowel as die aksies wat jy moet uitvoer om dit te bereik, duidelik formuleer en iewers neerskryf. Dit gee jou 'n definitiewe verwysingspunt en help jou om verstandig te leef en die beste gebruik te maak van elke geleentheid.

### **Gebed:**

*Help my Here, dat die kompas, die fokus en rigting waarin my lewe op pad is, altyd vir my belangriker sal wees as die horlosie wat my daaglikse program bepaal. Gee my ook die wysheid om die 24 ure wat U my elke dag gee, op 'n verstandige manier te gebruik.*

---

### **Oordink:**

Hoe kan ek seker maak dat "die kompas" (lewensdoel en -rigting) 'n groter rol in my lewe speel as "die horlosie" (tyd) ?

# Oorgeskeduleerd na Georganiseer

## Georganiseerde mense het duidelikheid oor hulle eie lewensvisie en waardes

**Spreuke 4:25 [NAV]** *“Hou jou oë op die pad vorentoe, kyk reg voor jou uit. Baken jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree. Moenie links of regs wegdraai nie, weerhou jou van die verkeerde koers.”*

Baie van ons spandeer ure, dae en baie geld in strategiese beplanningsessies om vir die maatskappye of departemente waar ons werk visie, fokusareas en doelwitte daar te stel. Min mense het egter al ooit dieselfde vir hulle eie lewe gedoen! Dink 'n bietjie oor hierdie twee stellings: “As jy nie jou eie dagboek volmaak met dit wat belangrik is vir jou nie, sal ander dit volmaak met wat belangrik is vir hulle.” EN “As jy nie tyd maak om duidelikheid te kry oor jou eie lewensvisie en doel nie, sal iemand anders vir jou hulle s'n gee en jou daarmee besig hou.”

Die teksgedeelte hierbo praat oor 'n paar kernbewegings wat 'n mens moet maak om uit te kom by 'n werklik sinvolle georganiseerde lewe.

**1. Baken jou koers af:** Teken jou eindbestemming en die roete wat jy gaan volg om daar uit te kom op 'n kaart aan. Wie wil jy wees en wat wil jy bereik? Wat moet die hoofokus van jou lewe wees en waarvoor moet mense jou onthou? Wat is die vier of vyf kernwaardes waarvolgens jy wil lewe en besluite maak? Dit vra 'n bietjie dinkwerk en beplanning, maar skryf dit iewers neer.

**2. Hou jou oë op die pad vorentoe:** As jy jou eindbestemming en roete vasgestel en aangeteken het, sal jy met groter sekerheid kan optree, want jy weet wat die volgende tree behoort te wees. Al wat jy dan moet doen, is om nie van die pad af te dwaal nie. Dit doen jy deur jou oë op die pad reg vóór jou te hou.

**3. Moenie links of regs wegdraai nie:** Die lewe is vol afdraaipaaie en hulle lyk gewoonlik baie interessant ... Afdraaipaaie het al menige persoon sy/haar lewensfokus en -waardes laat verloor. Soms gebeur dit ook dat struikelblokke of hindernisse 'n mens van koers af dwing. Dan is dit belangrik om die voorbeeld van 'n groeiende boom in die veld te onthou. As dit gebeur dat 'n groot rots in die pad van 'n boom se wortels kom, vrek hy nie sommer nie - hy groei bloot om die rots. Moenie jou eindbestemming verander nie, pas net jou roete aan.

**4. Weerhou jou van die verkeerde koers:** Versoekings is altyd deel van die lewe en ook deel van die bese se pogings om God se plan en doel vir jou lewe in die wêreld te ry. Wees bedag daarop en soek die Wil en Raad van die Here. **Spreuke 3:6 [NAV]** *“Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.”*

### **Gebed:**

*Dankie Here, dat ek met my hele lewe, my drome en ideale na U toe kan kom. Dankie dat ek kan weet dat ek nie “per ongeluk” bestaan nie, maar dat U 'n doel en plan vir my lewe hier op aarde het. Help my om dit te vind en te realiseer. Weerhou my van die afdraaipaaie en van die verkeerde koers. Help my om my roete af te baken en om elke tree met geloof en vertroue te gee.*

---

### **Oordink:**

Kyk weer na die vier bewegings uit Spreuke 4:25 wat hierbo gelys is: Wat moet jy in jǒu eie lewe doen om aan elkeen van hulle inhoud te gee?

# Oorgeskeduleerd na Georganiseer

## Georganiseerde mense fokus op dit wat belangrik is

**Markus 6:31 [NAV]** “Hy [Jesus] sê toe vir hulle: Kom julle alleen saam na 'n stil plek toe en rus 'n bietjie.” **Lukas 4:16 [NAV]** “...Soos Sy [Jesus se] gewoonte was, het Hy op die sabbatdag na die sinagoge toe gegaan.”

Iemand het eenkeer gesê dat hy nog nooit gehoor het dat 'n persoon op sy/haar sterfbed sê: “Ek wens ek het meer tyd by die werk deurgebring” nie. 'n Mens hoor wel dat mense wat terminaal siek is, sê: “Ek spandeer nou tyd met die mense en dinge wat regtig belangrik is en saakmaak.” Ons almal is skuldig hieraan: Ons spandeer vir die grootste gedeelte van ons lewens meer tyd aan die goed wat dringend is en skeep dit wat eintlik belangrik is, af ...

'n Voorbeeld daarvan in die alledaagse lewe is dat baie min mense gereeld hulle motor se noodwiel laat nasien of oppomp. Dit is belangrik, maar dit is nie dringend nie. Baie van ons gaan ook nie gereeld vir 'n mediese of tandheekkundige “check-up” nie. Dit is belangrik, maar ons beleef dit nie as dringend nie. Daar is mense wat geen fisiese oefening doen nie. Oefening is goed en belangrik vir ons gesondheid, maar nie dringend nie; TOTDAT ...

Totdat jy 'n pap wiel, dreigende hartprobleme, hoë bloeddruk of 'n slegte tand het. Dan word dit dringend, moet dit aandag kry en wil ons dit sommer gou-gou “gefix” hê.

'n Ander belangrike, maar nie dringende aspek van ons lewens, is ons verhouding met ons geliefdes, ons eggenoot/eggenote en ons kinders. Te veel kere gebeur dit dat mense in die spreekkamer van 'n berader of in gesprek met hulle pastoor besef dat hierdie kernverhoudings in hulle lewens groot en soms bykans onherstelbare skade gely het. Dikwels omdat hulle te veel tyd aan ander dringende, of oënskynlik belangrike sake spandeer het.

Die Bybelverse hierbo praat van twee van die belangrikste, maar nie dringende aspekte van ons lewens - om te rus en om tyd by jou gemeente se weeklikse samekoms te spandeer.

God die Vader het al vroeg in sy reis met die mens vir ons die beginsel waaroor Jesus hier praat in sy eie optrede voorgelê. Hy het ses dae gewerk aan die skepping en die sewende dag gerus. Ons is nie gemaak om net aan te hou en aan te hou werk en besig te wees nie. Ons voortgesette gesondheid en produktiwiteit verg dat ons tyd sal maak om 'n bietjie asem te skep.

Net so belangrik is ons geestelike verhouding met God en ons medegelowiges. Dit is na alles al wat uiteindelik oorbly van al ons jare se harde werk en die bymeekaarmaak van goed en geld ...

### **Gebed:**

*Help my Here, dat ek in my beplanning en in die samestelling van my leef- en werkprogramme, aanhoudend sal fokus op dit wat belangrik is - al beleef ek dit nie noodwendig as dringend nie. Help my om my program so te beplan dat ek tyd maak om te rus en ook om kerk toe te gaan.*

---

### **Oordink:**

Is die tyd wat ek in my weekprogram uitsit vir rus genoeg en gebalanseer met my ander aktiwiteite? Is my kerkbywoning intensioneel beplan, of gaan ek eintlik net as ek tyd “oor” het?



# Oorgeskeduleerd na Georganiseer

## Georganiseerde mense gee God inspraak in hulle weekprogram

'n Tyd gelede het baie jongmense [en 'n paar oueres ook] armbandjies gedra met die letters WWJD daarop. Dit moes die draers daaraan herinner om in alle omstandighede die volgende vraag aan hulleself te vra: "What Would Jesus Do?"

Hoe sou Hy in hulle bepaalde situasie opgetree het? Wat sou Hy gesê, of gevra het? Wat sou sy ingesteldheid oor, of uitkyk op 'n bepaalde kwessie wees? Wat sou Jesus gedoen het? Die idee is dan uiteraard dat die draer sal probeer om sover moontlik Jesus se voorbeeld na te volg.

Hoe sou jōu weekprogram, werk en ontspanning ingesluit, gelyk het as God in beheer daarvan was? Wat sou Hy eerste inskryf, omdat Hy dit as die belangrikste aspekte beskou - en wat laaste? Dalk moet ek vra: Sou jy God toelaat om jou weekprogram te skryf?

In 1993 skryf Stephen Covey die Boek **First Things First** en verduidelik onder andere daarin die beginsel dat die belangrikste dinge in jou lewe eerste aandag moet kry. Hy illustreer dit deur te wys hoe 'n mens die grootste hoeveelheid vuusgrootte klippe, gruis, sand en water in 'n glasbak kan inkry.

Jy kry die meeste in as jy begin deur die bak vol groot klippe te pak. Daarna gooi jy die gruis, dan die sand en laastens die water by. Die laaste drie vul telkens die spasies op wat tussen die ander groter voorwerpe bestaan. Net so sal 'n mens se lewe meer effektief, sinvol en georganiseerd wees as jy eers die belangrikste goed (die groot klippe) in jou weekprogram inpak en daarna kyk hoeveel ander aktiwiteite jy nog kan byvoeg. Covey onderstreep hierdie beginsel so: "*The key is not to prioritize your schedule, but to schedule your priorities.*"

As God jou glasbak, jou weekprogram moes vul: Watter groot klippe sou Hy eerste insit? Tyd met jou man/vrou; tyd met jou kinders; tyd met joulself; tyd met Hom; tyd vir jou gesondheid?

Ons werksomstandighede en die lewe in die algemeen stel baie vereistes aan ons. Daar is groot klippe in ons glasbakke wat ons nie uit eie keuse daarin gesit het nie. Daar is egter ook groot klippe wat daar behoort te wees, waarvan sand die plek neem. Kyk weer na Paulus se woorde:

**Efesiërs 5:15-16 [NAV]** "*Wees baie versigtig hoe julle lewe. Nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges. Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons leef in 'n goddelose tyd.*"

Gee God 'n kans om saam met jou, in die lig van jou verpligtinge, jou weekprogram uit te werk.

### **Gebed:**

*Dankie Here, dat U ook aan my die vermoë gegee het om te kan kies tussen dit wat sleg, goed en beter is vir my lewe en vir my pad met U. Gee my asseblief die wysheid om in alle omstandighede te onderskei tussen hierdie drie. Lei my om dit wat regtig belangrik is, eerste te plaas in my week- en dagprogram.*

---

---

### **Oordink:**

Hoe kan ek prakties vir die Here inspraak gee in die skryf, of herskryf van my weekprogram? Wat is die vyf grootste "klippe" waaraan ek van nou af beslis elke week aandag moet gee?

# Oorgeskeduleerd na Georganiseer

## Georganiseerde mense fokus op God se prosesse

In Matteus 6 vanaf vers 25 praat Jesus oor die sorg van die lewe, oor ons bekommernisse oor dinge soos kos en klere, ons gesondheid, finansies en die toekoms. Dan verseker Hy ons dat God weet wat ons alles nodig het en dat Hy vir ons sorg. Hy sê ook wat ons fokus moet wees:

**Matteus 6:33 [NAV]** “Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.”

'n Proses wat deur die res van die Bybel gerugsteun word, kom hier na vore: Soek éers die koninkryk van God. Stel die groei en vooruitgang van sy koninkryk en heerskappy eerste in jou lewe. Dit is ook die basis van die “groot opdrag” in **Matteus 28:19 [NAV]** “Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels...”

Dink hieroor: Lank nadat die groot “blue chip”-maatskappye en organisasies nie meer bestaan nie, lank nadat ons droomhuse bouvalle geword en ons mooiste motorkarre opgeroes in 'n skrootwerf staan, sal die koninkryk van God nog steeds daar wees. Dit is beslis die grootste, en belangrikste saak waarvoor ons ons in ons leeftyd kan beywer.

Tweedens is die wil en doel van God: Dat ek my daarvoor sal beywer dat sý wil in my lewe, my huwelik en gesin, my werk-, kerk- en woonplek, buurt, stad en land 'n werklikheid sal word.

Derdens sê ons teksvers hierbo: “Dán sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.” Dit sluit in die “groot klippe” en al die ander dinge wat ons nodig het en waaroor ons ons so maklik bekommer.

God se prosesse is dikwels net mooi die teenoorgestelde as die wat die materialistiese wêreldstelsels aan ons voorhou en opdring. Materialisme sê: “Kyk heel eerste na jouself. Kyk na dit wat jou belange die beste sal dien. Maak eers voorsiening vir jou eie wil en behoeftes. Hou wat jy het en kry nog meer; jy kan nooit te veel hê nie.”

Hierteenoor leer die Woord ons: **Romeine 12:1 [NAV]**; “Gee julleself aan God as 'n lewende en heilige offer ...”; Moenie julle leefstyl aanpas by die wêreld se gedragspatrone nie, maar laat God julle denke verander [**Romeine 12:2**]; Beywer julle eerstens vir sý koninkryk [**Matteus 6:33**]; Wees diensbaar, soos Jesus [**Filippense 2:5-8**]; Moenie net aan jou eie belang dink nie, maar sien ook om na die belange en nood van ander [**Filippense 2:4**].

Kan dit wees dat ons soms ontbreek aan dít waarmee die Here ons wil seën, omdat ons op die verkeerde prosesse fokus?

### Gebed:

*Dankie Here, dat U ons hemelse Vader, weet wat ons nodig het en dat U vir ons sorg. Help my om nie so besorg te wees oor die toekoms en oor dit wat ek en my geliefdes nodig het, dat ek vergeet om te soek na u wil en om u koninkryk eerste te stel nie. Ek gee my lewe opnuut in u hande.*

---

---

---

### Oordink:

Wat kan ek doen om my allereers te beywer vir die koninkryk van God en vir die wil van God?



## Oorgeskeduleerd na Georganiseer

### DVD-invulnotas:

*“Wees baie versigtig hoe julle lewe: Nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges ...” Efesiërs 5:15-16 [NAV]*

*“Baken jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree” Spreuke 4:25 [NAV]*

*“Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.” Matteus 6:33 [NAV]*

Een van die belangrikste toekomsbepalende hulpmiddels in ons lewe is ons

\_\_\_\_\_.

Wat ons elke dag doen en hoe ons dit doen, is bepalend vir wie ons Geestelik, emosioneel, intellektueel en fisies

\_\_\_\_\_.

Nadat die twaalf dissipels terugkeer van 'n tyd van uitreiking, bediening en prediking sê Jesus vir hulle:

*“Kom julle alleen saam na 'n stil plek toe en rus 'n bietjie.”*

**Markus 6:31 [NAV]**

### Ons sien hier drie kernbewegings:

1. \_\_\_\_\_.

Jesus het gereeld tye van intensionele afsondering gehad - veral voor en na groot besluite en tye van intense werksaamhede.

Byvoorbeeld:

- Aan die begin van sy bediening: Matteus 4:1-11
- Voor Hy die twaalf dissipels kies: Lukas 6:12
- Na Hy die 5000 gevoed het: Matteus 14:23
- Na die genesing van 'n melaatse: Lukas 5:16
- Voor sy kruisiging: Matteus 26:36-46

# Oorgeskeduleerd na Georganiseer

## DVD-invulnotas:

2. Na 'n \_\_\_\_\_ toe.

'n Stil plek is nie noodwendig 'n plek sonder enige geluide nie, maar 'n plek waar 'n mens innerlik stil kan word. Weg van die alledaagse “geraas” van jou werk en gewone verpligtinge.

'n Ou Engelse spreekwoord sê:

*“The man who opens his mouth closes his eyes.”*

---

---

3 \_\_\_\_\_ 'n bietjie.

Ons leer die voorbeeld van rus na werk by \_\_\_\_\_.

*“Op die sewende dag was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het.”*


**Genesis 2:2 [NAV]**

## Hoe kan ek my weekprogram en lewe beter fokus?

1. Deur gereeld tye van \_\_\_\_\_ en \_\_\_\_\_ oor waarheen my lewe op pad is in te bou.
2. Deur duidelike \_\_\_\_\_ vir myself uit te sit, sodat ek “seker sal wees van elke tree”.
3. Deur van tyd tot tyd my \_\_\_\_\_ te herskryf en seker te maak dat dit waarmee ek my elke dag besig hou 'n \_\_\_\_\_ rol speel t.o.v. wie ek besig is om te word.







# Oorweldig

# na In Beheer


**O**ns beweeg hierdie week van Oorweldig na In Beheer.

*"Deuteronomium 8:17-18 [NAV] "Jy kan dalk dink: My krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf."*



Preeknotas:

Move





# Oorweldig na In Beheer

## Mense wat in beheer van hulle finansies wil wees, besef dat alles wat hulle het van God af kom

**Deuteronomium 8:17-18 [NAV]** “Jy kan dalk dink: My krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf.”

Die basis van 'n lewe wat beweeg van oorweldiging en wanorde in ons finansies na een van orde en beheer, is die besef en belydenis dat **alles** wat ons het van God af kom. Hy gee aan ons elkeen 'n lewe, talente, gawes en die vermoë om 'n lewe te maak en 'n inkomste te genereer. Die volgende twee verse bevestig dit:

**Jakobus 1:17a [NAV]** “Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo ...”  
**1 Timoteus 6:17b [NAV]** “... God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet.”

Wanneer 'n mens besef dat nie een van ons heeltemal op ons eie gekom het tot waar ons is in die lewe nie. Wanneer jy erken en bely dat alles wat jy is, net genade is en dat alles wat jy het net geleen is, soos wat die Koos du Plessis-liedjie sê, gee dit jou 'n ander uitkyk en ingesteldheid ten opsigte van hoe jy met jou besittings en finansies werk.

Ons is rentmeesters, of te wel bestuurders van dit wat die Here aan ons toevertrou. Dit laat my onmiddellik dink aan die gelykenis waarvan ons in Matteus 25:14-30 lees. Dit vertel van die man wat goue muntstukke aan sy werknemers uitgedeel het en later van hulle verantwoording gevra het ten opsigte van wat hulle daarmee gemaak het. Die wat goed gedoen het, het dan telkens hierdie woorde gehoor:

“Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue dienskneg. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel.”  
**Matteus 25:21b [NAV]**

Jesus koppel betroubaarheid ten opsigte van hoe ons ons finansies bestuur, aan hoe God ons seën:  
**Lukas 16:10-12 [NAV]** “Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in die groot dinge oneerlik. As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou? As julle nie met 'n ander man se goed betroubaar is nie, wie sal dan iets aan julle gee om as julle eie te besit?”

Alles wat ons het kom van God af, dit is Syne: Hy het dit aan ons geleen en ons is verantwoordelik om dit so betroubaar te bestuur dat ons Hom daardeur vereer.

### Gebed:

Dankie Here, dat U in elke opsig my bron is. Dankie dat U alles wat ek nodig het ryklik aan my gee, om te geniet. Gee my die wysheid om met dankbare erkenning, getrouheid en geloof dit wat ek van U ontvang te bestuur.

---

---

### Oordink:

Glo ek regtig dat dit die Here is wat my die krag gee om rykdom te verwerf? Bely ek dat alles wat ek het eintlik van Hom af kom? Wat is die implikasies hiervan op my alledaagse ingesteldheid en lewensuitkyk?

## Mense wat in beheer van hulle finansies wil wees, leef dankbaar binne God se huidige voorsiening in hulle lewe

Wat bepaal jou geluk? Hoe gelukkig voel jy tans? Die media en die dinge wat mense soms sê, skep die indruk dat die belewing van persoonlike geluk oorwegend afhang van omstandighede, van wat jy besit, hoeveel jy het om te spandeer, waar jy woon en hoe stabiel die politieke situasie in jou land is. Tog het 'n 2012 Gallup-opname oor persoonlike geluk bevind dat mense in 'n land soos Irak meer persoonlike geluk beleef as mense in Amerika. Irak was uiteindelik sewende op hierdie lys en Amerika 33ste!

In 2 Korintiërs 11 vanaf vers 24 gee Paulus 'n oorsig oor sy lewe. Hy vertel hoe hy verskeie kere lyfstraf gekry het, met klippe gegooi is, skipbreuk gely het en selfs tyd in die oop see deurgebring het. Hy is vervolgd en was dikwels in gevaar. Hy het hard gewerk en swaargekry. Hy was soms nagte sonder slaap; het honger en dors gely en was dikwels sonder skuiling of bedekking teen koue. Tog skryf die einste Paulus ook hierdie woorde in **Filippense 4:11-12 [NIV]** *"I have learned the secret of being content in any and every situation, whether well-fed or hungry, whether living in plenty or in want"*.

Sy woorde praat van 'n proses, 'n beweging wat in sy lewe plaasgevind het: "Ek het **geleer** om in alle omstandighede vergenoegd te wees." In **1 Timoteus 6:6-8 [NAV]** sê hy: *"Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het, want ons het niks in die wêreld ingebring nie; ons kan niks daaruit wegneem nie. As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees."*

'n Mens kan so maklik onvergenoegd raak. 'n Gevoel van ongemak en ontevredenheid met wat jy het, pak jou soms beet en groei in jou hart, veral wanneer jy jouself begin vergelyk met wat ander het en hoe hulle leef. Die uitkoms wat die materialistiese sisteme vir ons aanbied, om ons te "help" om beter te vergelyk met ons bure en vriende - lei ons uiteindelik net in 'n strik.

Ek noem dit somer *die sirkel van berowing* en dit werk min of meer so: 'n Mens se gevoel van onvergenoegdheid kan daartoe lei dat jy bo jou werklike vermoë lewe. Gevolglik kan jy nie vrygewig gee nie en ervaar jy nie God se belofte van seën ten volle nie. Dit lei uiteindelik tot 'n gevoel dat jy nie "genoeg" het nie en skep dikwels 'n skaarste-mentaliteit wat dikwels veroorsaak dat jy nog meer skuld aangaan en so draai die sirkel net voort!

Die teenoorgestelde hiervan kan ons *die sirkel van voorsiening* noem en dit beteken dat jy dankbaar en verstandig binne God se voorsiening, of te wel jou huidige vermoë leef. Dit lei daartoe dat jy waarskynlik met groter vrygewigheid sal kan gee en toenemend God se seën in jou lewe ervaar.

### Gebed:

*Hemelse Vader, help my om u voorsiening in my lewe raak te sien en te waardeer. Leer my om vergenoegd te wees met wat ek het en te leef vanuit die vertroue dat U altyd vir my sal sorg.*

---

### Oordink:

Wat beteken vergenoegd wees vir my? Hoe leef ek dit prakties uit en hoe kan ek hierdie waarde aan my gesin oordra ?

# Oorweldig na In Beheer

## Mense wat in beheer van hulle finansies wil wees, eer die Here deur 'n tiende van hulle inkomste te gee om die werk van sy gemeente en koninkryk te bevorder

**Spreuke 3:9-10 [NAV]** *“Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van wyn.”*

Hierdie vers, soos die grootste gedeelte van die Bybel, is geskryf in die konteks van 'n landbou-ekonomie. Die konsep van die “beste” of “eerste” van die oes (inkomste) was baie bekend aan die eerste lesers van die teks. Dit was 'n erkenning dat die grond en al die opbrengste wat daaruit voortkom 'n gawe van God was en dat die landbouer afhanklik is van sy genade en voorsiening.

In antieke Israel was die “eerste vrugte” of Oesfees een van drie feeste wat jaarliks gevier was. Ons kry 'n kort opsomming van wat tydens hierdie fees moes gebeur in **Eksodus 23:19 [NAV]**: *“Die beste uit die eerste opbrengs van jou lande moet jy bring na die huis van die Here jou God toe.”*

Die beginsel wat hier gevestig was, is dat 'n mens die Here vereer met die eerste en die beste van jou inkomste en nie met dit wat “oorbly” nadat jy al jou eie behoeftes en begeertes vervul het nie. Soos die doel hiervan in ou Israel was, is dit steeds 'n beginsel wat ons aan ons kinders behoort te leer terwyl ons dit ook self toepas. Skryf dit wat jy vir die Here en sy werk wil gee eerste op die lys en nie as 'n nagedagte, of met 'n “indien-daar-iets-oor-is”-ingesteldheid nie.

Dit is interessant om op te let hoeveel keer van die wêreld se rykste mense [van wie sommige nie gelowiges is nie] in boeke, artikels en optredes verwys na die beginsels van gee en spaar. Baie van, hulle noem dat hulle tien persent van hulle inkomste/besittings weggee. Dit is 'n beginsel waarin die wat daaroor praat onwrikbaar glo en wat hulle ook getrou prakties, binne die konteks van hulle verwysingsraamwerk en leefwêreld toepas.

Om as Christen-gelowige binne die konteks van jou leefwêreld, 'n tiende van jou inkomste te gee, om die werk van die gemeente waar jy aanbid en so ook die koninkryk van die Here te bevorder, het drie bewegings in 'n mens se lewe tot gevolg:

1. 'n Erkenning dat God die bron is van wat ek het, asook van my vermoë om inkomste te genereer.
2. Dankbaarheid teenoor die Here vir sy voorsiening en sorg in my lewe.
3. 'n Verbrekking van die houvas van materialisme, wat toenemend meer vir die “self” wil hou.

### **Gebed:**

*Dankie Here, vir u voorsiening en sorg in my lewe. Dankie dat ek U ook kan aanbid en vereer met en deur my besittings en inkomste. Gee my die wysheid om so met my finansies te werk dat ek met blymoedigheid en dankbaarheid kan gee. Help my om nie toe te gee aan die verleiding van materialisme nie.*

---

### **Oordink:**

Glo ek regtig dat die Here by magte is om vir my en my mense te voorsien, al beweeg ek in die teenoorgestelde rigting as die algemeen heersende materialistiese ingesteldheid wat meer en meer bymekaar wil maak en wil hou?

# Oorweldig na In Beheer

## Mense wat in beheer van hulle finansies wil wees, spaar 'n gedeelte van hulle inkomste vir noodgevalle en vir aftrede

**Spreek 6:6-8 [NAV]** “Gaan na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk en leer by hom. Hy het nie 'n leier nie, nie 'n opsigter of regeerder nie, tog maak hy sy kosvoorraad reg in die somer, versamel hy sy voedsel in die oestyd.”

**Spreek 21:20 [NAV]** “In die woning van 'n wyse mens is daar altyd kosbare besittings en olie; 'n dwase mens bring sy goed deur.” Of, soos in Engels gestel:

**Proverbs 21:20a [LB]** “The wise man saves for the future, but the foolish man spends whatever he gets.” **Proverbs 21:20 [GN]** “Wise people live in wealth and luxury, but stupid people spend their money as fast as they get it.”

Te veel mense is binne 'n paar jaar na hulle aftrede finansiële in die moeilikheid, of hulle moet noodgedwonge op een of ander manier aanhou werk. Hoekom? Dikwels omdat hulle nie gespaar het nie.

Die hoofrede hoekom mense nie spaar nie, is dat hulle so besig was om “by te bly” by ander dat hulle nie geld “oor” gehad het om weg te sit vir later nie. Hulle het die heeldyd op hulle limiete geleef.

**Proverbs 13:11 [NCV]** “Money that comes easily disappears quickly, but money that is gathered little by little will grow.” Die [NAV] stel dit so: “Wie bietjie vir bietjie bymekaarmaak, word ryk.”

Net soos met gee, is om te spaar 'n beginsel-besluit. Dit word nie regtig bepaal deur wat jy het, of “oorhet” nie, maar deur 'n lewensingesteldheid wat die waarde van spaar hoog ag en toepas.

Om te spaar beteken nie noodwendig dat jy 'n suinige mens is of gaan word nie. Dit beteken dat jy jouself dissipliner om 'n beheersde besluit te neem ten opsigte van wat jy in die somer van jou lewe wegsit, vir die winter wat kom. Wees verseker dat, soos wat seisoene mekaar in die natuur en die lewe opvolg, daar 'n tyd sal aanbreek dat jy dankbaar sal wees dat jy ook in hierdie opsig van oorweldig na in beheer beweeg het.

Moenie volgens die standarde van ander leef nie: Leef binne jôu vermoë en spaar vir die toekoms!

### Gebed:

*Dankie Here, vir die voorbeeld van seisoene in die natuur. Dankie vir die lesse oor voorsiening maak en spaar wat ons selfs by die kleinste miertjies kan leer! Help my om hierdie wysede van Salomo te verstaan, maar ook om dit in my eie lewe toe te pas.*

---

---

---

---

### Oordink:

Hoe kan ek my lewensingesteldheid en lewenswyse aanpas, sodat ek ook in die somer, die oestyd van my lewe, beter voorsorg kan tref vir die winter wat kom? Indien ek dit nog nie doen nie: Wanneer gaan ek begin spaar?

# Oorweldig na In Beheer

## Mense wat in beheer van hulle finansies wil wees, begroot maandeliks vir hulle lewenswyse

**Spreuke 21:5 [NAV]** “Wat hardwerkende mense beplan, is nuttig, maar elkeen wat oorhaastig is, stuur af op gebrek.” [GN] “Plan carefully and you will have plenty; if you act too quickly you will never have enough.”

Finansiële vryheid is nie gebaseer op hoeveel 'n mens maak, of verdien nie, maar op hoeveel jy uitgee. Die beginsel is heel eenvoudig: as jy aanhou om meer te spandeer as wat jy inkry, stuur jy af op 'n situasie van oorweldiging en tekort. Een van die eerste beginsels in die boek “The millionaire next door” is die volgende: “Rule number one for becoming wealthy: Live well below your means.”

Ons wil almal graag soveel as moontlik verdien, maar as jy in beheer van jou geldsake wil bly, of van oorweldig na in beheer wil beweeg, moet ons eerder daarop fokus om ons besteding te beplan.

Dit is dalk 'n goeie idee om die bogenoemde frase in ons Bybels en ons denke te onderstreep: “... **Elkeen wat oorhaastig is, stuur af op gebrek.**” Dit gaan oor impulsiewe aankope. Om iets te koop op grond van emosie. Om iets te sien en te sê: “Ek móét dit hê!” Net om agterna te besef dat jy dit nie regtig kon bekostig nie, waarskynlik nie eintlik nodig het nie en dat dit na alles gesê en gedaan, ook nie so “great” is nie.

Adverteerders weet wat hulle doen: Hulle peper jou met “infomercials” en hoe langer jy kyk, hoe meer oortuig hulle jou dat wat jy sien 'n oulike- en onmisbare “gadget” is. Hulle gee jou 'n maklike manier om dit te bestel en terwyl jy amper oortuig is dat jy die artikel nodig het, sê hulle iets soos: “En dit is nie al nie: As jy NOU bestel, kry jy 'n klomp goed 'gratis' by.” En daar koop jy dit op grond van emosie en nie beplanning nie. Dan staan die “ding” daar in jou huis iewers, as 'n duur ornament of klerehanger.

Hoe breek 'n mens die gewoonte van impulsiewe aankope? Deur te beplan waarheen jou geld gaan i.p.v. om te wonder waarheen dit gegaan het, of anders gestel: Deur te begroot vir jou lewenswyse.

Die basiese beginsel van begroting is om maandeliks boek te hou van wat jy inkry, uitgee en oorhet. Skryf jou verpligte uitgawes (elektrisiteit, water, petrol, medies, skool-/studiegelde, tiende, ens.) eerste neer. Skryf dan neer hoeveel jy wil spaar vir instandhouding en noodgevalle, soos motorbande en iets wat breek, asook vir vakansies en aftrede. Bepaal dan hoeveel jy beskikbaar het om te spandeer aan dinge soos kos, klere en vermaak. Doen dit elke maand en jy sal definitief nie spyt wees nie!

### **Gebed:**

*Dankie Here, ek bid vandag dat U my sal help om nie op 'n impulsiewe manier geld te spandeer aan goed wat ek nie regtig nodig het nie. Herinner my aan die breë prentjie van my lewe en help my om die bronne wat U tot my beskikking gestel het, met wysheid te bestuur.*

---

### **Oordink:**

Waar het ek in die onlangse verlede onbeplande of emosionele aankope gedoen? Wat kan ek prakties doen om te verseker dat dit nie weer gebeur nie en dat ek dit wat ek uitgee, bedink en beplan - voordat ek dit spandeer?

## Mense wat in beheer van hulle finansies wil wees, leef elke dag luisterend en met 'n oop gemoed, om die Here se leiding en inspraak t.o.v. hulle hulpbronne te volg

Hierdie lewensingesteldheid bou op die beginsel of belydenis wat ons op dag een van hierdie week behandel het, naamlik dat alles wat ek het van God af kom, dat ek Hom daarin en daarvoor moet eer en dat ek dit betroubaar moet bestuur.

Dit gaan oor 'n ingesteldheid wat 'n mens doelbewus moet kweek: Om in 'n lewende en wederkerende verhouding met God, die openheid te hê en beskikbaar te wees om 'n kanaal te wees waardeur Hy kan voorsien in die lewens en omstandighede van ander mense. Dit kan so eenvoudig wees soos om 'n brood te betaal vir die persoon wat voor jou in die ry by die supermark se betaalpunt staan, tot iets soos die aankoop van 'n motor vir iemand wat dit regtig nodig het - as die Here dit op jou hart druk.

Die punt is dat dit nie gaan oor manipulasie, of om iemand te probeer beïndruk nie, maar oor 'n reaksie op en gehoorsaamheid aan die inspraak en leiding van die Here deur sy Heilige Gees. Dat ons dit waarmee die Here ons geseën het, nie net selfsugtig vir ons eie voordeel sal aanwend en behou nie, maar ook 'n seën sal wees vir ander. Let op die Here se woorde aan Abraham:

**Genesis 12:2 [NAV]** “Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees.”

Die Here sê basies vir Abraham dat Hy hom sal seën, sodat hy ook 'n seën kan wees vir ander mense. Uiteindelik is al die volke van die aarde “in” Abraham geseën, omdat Jesus uit die nageslag van hierdie man wat in 'n noue verhouding met God geleef het, gebore is.

Ons verkondig nie klakkelose welvaart [prosperity] nie, maar ons weet dat die Here sy kinders wil seën en dat Hy ook deur ons in ons woon-, kerk- en werkplekke 'n seën in die lewens van ander wil wees. Hierdie seën gaan nie net oor geld nie. Dit sluit ook dinge in soos ons vriendelikheid, welwillendheid, vaardigheid en tyd.

Dit vra dat ons daarop sal fokus om daagliks te lewe met die ingesteldheid en sensitiwiteit om God se stem te hoor, asook met die onderskeiding en die bereidheid om in gehoorsaamheid dit te doen wat Hy op ons harte lê.

### **Gebed:**

*Dankie Here, dat ek aan die einde van hierdie week opnuut daarvan oortuig kan wees dat U vir my sorg en sal aanhou sorg. Ek besef weereens dat my gedsake en hoe ek dit bestuur vir U saakmaak. Help my om U te eer met die hulpbronne wat U tot my beskikking stel en om u stem te hoor en u leiding te volg wanneer U my wil gebruik om 'n verskil te maak in die lewens van ander. Seën my Here, sodat ek ook 'n seën kan wees vir ander en vir u koninkryk.*

---

**Oordink:** Wanneer laas het ek iemand anders geseën met my vriendelikheid, welwillendheid, vaardigheid, tyd en geld - sonder dat ek iets in ruil daarvoor sou kry? Wat moet ek doen om te groei in my vermoë om na die leiding van die Here in hierdie verband te luister en te doen wat Hy sê?



## DVD-invulnotas:

*“Jy kan dalk dink: 'My krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf. Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf.’” Deuteronomium 8:17-18 [NAV]*

*“I have learned the secret of being content in any and every situation, whether well-fed or hungry, whether living in plenty or in want.”*  
**Philippians 4:12b [NIV]**

*“Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van wyn.”*  
**Spreek 3:9-10 [NAV]**

Dit is 'n erkende feit dat mense in Suid-Afrika te min \_\_\_\_\_

en oor die algemeen \_\_\_\_\_ finansiële beplanning doen.

Te veel mense leef lekker - bo hulle werklike vermoë en dus \_\_\_\_\_.

Die Bybel het baie te sê oor ons finansies en oor hoe ons dit hanteer. Die rede daarvoor is dat ons geldsake ook saakmaak vir die Here en dat ons ingesteldheid t.o.v. finansies geweldig baie sê oor ons waardes en oor wat regtig vir ons belangrik is. **Matteus 6:21**

## Ons gaan kortliks kyk na sewe Bybelse beginsels ten opsigte van finansies:

### 1. God is ons \_\_\_\_\_

*“...Jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf.” Deuteronomium 8:18 [NAV]*

*“...God is by magte om aan julle alles in oorfloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.”*  
**2 Korintiërs 9:8 [NAV]**

DVD-invulnotas:

2. \_\_\_\_\_.

*“I have learned the secret of being content in any and every situation, whether well-fed or hungry, whether living in plenty or in want.”*

**Philippians 4:12b [NIV]** (Kyk ook **1 Timoteus 6:6-10**)

Vergenoegdheid beteken dat 'n mens 'n dankbare tevredenheid het met die voorsiening van die Here op die huidige oomblik in jou lewe. Dit is iets wat 'n mens aanleer en dit staan nie noodwendig teenoor ambisie nie.

3. Vereer die Here deur \_\_\_\_\_.

*“Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes, dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van wyn.”*

**Spreuke 3:9-10 [NAV]**

*“Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in My huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.”* **Maleagi 3:10 [NAV]**

4. Dit is wys om te \_\_\_\_\_.

*“Riches can disappear fast. And a king's crown doesn't stay in his family forever - so watch your business interests closely. Know the state of your flocks and your herds.”* **Proverbs 27:23-24 [LB]**

*“Wat hardwerkende mense beplan is nuttig, maar elkeen wat oorhaastig is, stuur af op gebrek.”* **Spreuke 21:5 [NAV]**





DVD-invulnotas:

5. \_\_\_\_\_.

*“Gaan na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk en leer by hom. Hy het nie 'n leier nie, nie 'n opsigter of 'n regeerder nie, tog maak hy sy kosvoorraad reg in die somer, versamel hy sy voedsel in die oestyd.” **Spreuke 6:6-8 [NAV]***

*“The wise man saves for the future, but the foolish man spends whatever he gets.” **Proverbs 21:20 [LB]***

6. \_\_\_\_\_ op \_\_\_\_\_.

*“Die wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God.” **1 Timoteus 6:17a [NAV]***

7. \_\_\_\_\_ **wat jy het!**

*“Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet.” **1 Timoteus 6:17b [NAV]***

---

---

---

---

---

---

## Vrae vir Bespreking:


### 1. Bespreek die volgende vers in die lig van hierdie week se onderwerp:

*1 Timoteus 6:17a: "Die ryk man sien sy besittings as sy vestingstad, as 'n hoë muur wat hom beskerm."*

### 2. Bo en behalwe dit wat ons hierbo bespreek het, noem enkele idees en voorbeelde oor hoe jy prakties jou geldsake onder beheer hou.

### 3. Hoe verstaan jy hierdie stelling? "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle." 1 Petrus 5:7[NAV]

### 4. Watter een van die bogenoemde sewe beginsels is vir jou 'n uitdaging, en hoekom?



# Geïsoleerd na Connected

**O**ns beweeg hierdie week van Geïsoleerd na Connected


*Genesis 2:18 [NAV] “Verder het die Here God gesê: 'Dit is nie goed dat die mens alleen is nie.’”*



# Geïsoleerd na Connected

Preeknotas:

Move



# Geïsoleerd na Connected

## Connected mense kommunikeer

**Efesiërs 4:25 [NAV]** “Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.”

Kommunikasie, in ons verhoudings, is wat suurstof vir ons longe is. Sonder kommunikasie gaan die meeste verhoudings dood. As jy 'connected' wil leef sal jy alles in jou vermoë moet doen om te kommunikeer in die verhoudings waarin jy staan. Ek weet dat nie almal onder ons praters is nie, maar as jy wil werk aan jou verhoudings moet jy leer om te sê wat jy dink, voel en verwag.

Dit gebeur baie keer dat huweliksmaats in die tyd wat hulle kinders grootmaak, verleer om met mekaar te kommunikeer. Die meeste gesprekke gaan oor die kinders en hulle verloor die vermoë om regtig met mekaar te kan praat. Die oomblik as die kinders uit die huis is, weet hulle nie hoe om met mekaar te kommunikeer nie.

Paulus skryf in die bogenoemde vers aan 'n klomp nuwe gelowiges wat vroeër geleef het soos hulle wou en wie se lewens vol leuens was, dat hulle as nuwe mense in Christus nie meer vals moet wees nie, maar onder mekaar die waarheid moet praat. Behalwe vir die aanmoediging tot gesprek, is daar ook duidelike riglyne oor hoe ons moet praat. Ons moet eerstens met mekaar die waarheid praat. Daar is niks wat 'n verhouding so kan vernietig soos leuens nie. Daarom is dit baie belangrik dat die woorde wat ons as 'connected' mense praat, woorde van waarheid sal wees. Onthou, as ons eers begin jok, moet ons aanhou jok en iewers haal dit jou in.

**Efesiërs 4:29 [NAV]** “Vuil taal moet daar nooit uit julle monde kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van die omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.”

'n Volgende riglyn wat Paulus oor ons kommunikasie deurgee, vind ons net 'n paar verse later. Hy praat van “vuil taal”. As ons aan vuil taal dink, dan dink ons gewoonlik aan vloek en skel, maar die Bybel bedoel in hierdie konteks iets anders met vuil taal. Die Griekse woord wat Paulus gebruik, herinner aan “stukkend kap”. Dit is asof hy letterlik sê: Pasop dat jou woorde nie ander mense stukkend kap nie. Hoeveel keer rig ons skade aan in mense se lewens met ons woorde? Miskien is dit neerhalende woorde, of vernederende woorde of net woorde wat so bietjie gelaai is met veragting of verwyte. Dit kan mense baie afbreek.

In die tweede gedeelte van die vers hoor ons watter tipe taal ons eerder moet praat; “praat net wat goed en opbouend is”. Dit is dalk 'n goeie vraag om aan jouself te vra: Los ek mense beter as wat ek hulle gevind het? Voel mense aangemoedig as hulle met my te doen gekry het?

### **Gebed:**

*Here, help my om te kommunikeer met die mense om my. Wys my wat die struikelblokke is wat tussen my en goeie kommunikasie staan. Vandag/morê as ek met mense te doen kry, help my asseblief dat my woorde hulle sal opbou.*

---

### **Oordink:**

Dink aan die mense in jou lewe - werk, gesin en vriende - en skryf langs elkeen se naam iets goeds wat jy in die volgende week vir hulle kan sê.

# Geïsoleerd na Connected

## Connected mense raak ook kwaad

*Efesiërs 4:26-27 [NAV] "As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. Moenie die duiwel vatkans gee nie."*

Ons dink partykeer dat ons as Christene nie kwaad mag word nie. Veral as dit by ons verhoudings kom. Ons voel dat Christene nie mag stry met hulle huweliksmaats of vriende nie, en as dit gebeur, voel ons baie skuldig en dat ons die Here teleurgestel het. Ons mag en gaan kwaad word, maar dit is wat ons met die woede doen wat belangrik is.

Let op dat die versie vir die dag begin met die woorde: "As julle kwaad word ..." Dit is duidelik dat Paulus aanvaar dat ons iewers in ons verhoudings mekaar verkeerd gaan verstaan of gaan benadeel en dat daar ongelukkigheid sal wees. Ons gaan kwaad word, veral vir die mense naby aan ons. Dit is hoe die lewe is; die kuns wat 'connected' mense moet aanleer is, hoe om hierdie gevoelens te hanteer.

Paulus se raad is dat ons nie 'n dag moet afsluit terwyl ons nog kwaad is nie. Met ander woorde, ons moet dinge uitpraat. Dit is wanneer ons oor goed tob en op goed broei dat daar net verkeerde dinge na vore kom. Die volgende vers stel dit duidelik dat, as ons nie goed uitpraat nie, ons aan die duiwel 'n houvas op ons lewens gee.

Baie mense is maar tog te gemaklik om dinge onder die mat in te vee en te hoop dit gaan verby. Ons steek ons kop soos 'n volstruis in die grond en hoop die probleem gaan vanself oplos. Sekere sake in ons lewe is belangrik genoeg dat ons dit sal hanteer en dit dadelik sal doen. Deur net goed onder die mat in te vee maak ons later 'n hoop onder die mat wat ons iewers kom pootjie en ons dan laat struikel.

Daarom is kommunikasie, waaroor ons in gister se dagstukkies gepraat het, so belangrik. Elkeen van ons moet ons gevoelens kan verbaliseer en ook toelaat dat die ander persoon kan sê hoe hy/sy voel. Hierdie kommunikasie moet nie persoonlik raak nie en aan die einde moet albei partye kennis neem van mekaar se gevoelens. Iemand, of albei, sal dalk moet jammer sê en iemand (of albei) sal dalk moet vergewe.

### **Gebed:**

*Here, ek dank U dat U verstaan dat ons almal net mense is. Soms raak ons kwaad en opvlieënd met mekaar. Vergewe ons hiervoor, maar help my om gesprekke te begin wat hierdie situasies ontloft en beter maak. Gee my die ore om te hoor wat die ander partye sê, die moed om jammer te sê as ek moet, en die genade om te kan vergewe as ek moet.*

---

---

---

### **Oordink:**

Dink aan die verhoudings in jou lewe. Is daar dalk een waar jy te maklik en te onnodig kwaad word? Skryf 'n paar voornemens rakende die verhouding neer.

# Geïsoleerd na Connected

## Connected mense vergewe

*Efesiërs 4:32 [NAV] “ Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle in Christus vergewe het.”*

Ek sal graag wil hê dat ons vir twee dae sal stilstaan by hierdie groot saak van vergifnis. So baie verhoudings kan net nie verder gaan omdat dit in 'n groef van onvergewensgesindheid vasgevang is. Alle vertroue het uit die verhouding verdwyn en gesprekke is gevul met agterdog en veragting. Dit is seker onnodig om uit te wys dat Christene nie so moet leef nie, maar tog sukkel ons daarmee. Dit beïnvloed nie net ons verhoudings met mekaar nie, maar ook ons verhouding met God.

As ons in intieme verhoudings met mense is, is dit onafwendbaar dat ons te na gekom sal word - soms intensieel en ander kere per ongeluk. Hierdie daad teen jou (of wat jy aan iemand anders gedoen het) vertroebel die verhouding en maak baie keer dat die verhouding sterf! Mits ons kan vergewe. Daarom is die vermoë om te kan vergewe 'n belangrike vaardigheid wat ons moet bemeester om werklik 'connected' te kan bly en te leef. Jesus het vir Judas wat hom verraai het, Petrus wat hom verloën het en die mense wat Hom gekruisig het, vergewe.

Deur nie te vergewe nie, doen ons presies waarteen gister se vers in die dagstukkies ons gewaarsku het: Ons gee aan die duiwel 'n vatkans in ons lewens (Efesiërs 4:27). Hierdie vatkans word later 'n houvas wat alle lewenskwaliteit en konneksie van jou steel.

Beteken vergifnis dat ek skielik geheueverlies het as dit kom by die persoon of dit wat aan my gedoen is? Nee, ons sal nie kan vergeet wat aan ons gedoen is nie, maar ons sal deur te vergewe en te laat gaan, op daardie plek kom waar dit wat gebeur het, nie meer ons lewens en besluite rakende die persoon beïnvloed nie.

As jy regtig 'connected' wil lewe, sal jy móét laat gaan en vergewe. Deur vas te hou vergiftig jy onnodig al die ander verhoudings rondom jou. Dit is waar wat iemand eenkeer gesê het: “Om nie te vergewe nie en 'n wrok te dra is soos om rottegif te eet en te wag dat die rot sal doodgaan!” Ons moet laat gaan.

### **Gebed:**

*Hemelse Vader, ek sukkel om \_\_\_\_\_ te vergewe vir wat gebeur het. Dankie dat U my vergewe het op grond van wat Jesus aan die kruis vir my gedoen het. Dankie dat U ook vir hom/haar vergewe het vir wat hy/sy gedoen het. Help my om \_\_\_\_\_ vandag vry te spreek en te laat gaan sodat dit nie langer 'n invloed op my lewe sal hê nie.*

---

---

---

---

### **Oordink:**

Dink net vir 'n minuut oor hoe groot God se genade is teenoor die mens wat keer op keer teenoor hom verkeerd optree. Pas dit dan toe op die verhouding(s) waar jy dalk moet werk aan vergifnis.

## Connected mense neem inisiatief as dit kom by vergifnis

**Matteus 5:23-24 [NAV]** *“As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.”*

Soms gebeur daar iets, onwetend of wetend, wat baie diep wonde in 'n verhouding los. Ons weet dit, maar ons gaan maar voort. Jesus stel dit duidelik dat ons nie ons aanbidding moet bring as ons weet van so iets nie. Ons moet, as ons weet van iemand wat iets teen ons het, eers vrede gaan maak voor ons ons aanbidding bring. Dit vra baie van ons, maar 'connected' mense stel 'n baie hoë premie op verhoudings en daarom neem hulle inisiatief.

Neem nou 'n oomblik en dink aan iemand teenoor wie jy dalk verkeerd opgetree het wat dalk iets teen jou mag hê. Onthou daardie persoon se verhoudingslewe word ook teruggehou daardeur en dit is dalk net nodig dat iemand die deur tot gesprek moet oopmaak wat na vergifnis kan lei.

Lees gerus die volgende verse oor vergifnis:

**Matteus 5:9 [NAV]** *“Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.”*

**Markus 11:25 [NAV]** *“En wanneer julle staan om te bid, en julle iets teen iemand het, vergewe hom; dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredings vergewe.”*

**Lukas 17:4 [NAV]** *“Selfs as hy sewe maal op 'n dag verkeerd optree teen jou en sê: 'Ek is jammer,' moet jy hom vergewe.”*

**Kolossense 3:13 [NAV]** *“Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het.”*

### **Gebed:**

*Here, maak van my 'n vredemaker wat versoening sal soek in al die verhoudings waarin ek is. Wys my die plekke waar vrede en versoening nodig is.*

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---

### **Oordink:**

Dink gerus of daar iemand is wat dalk iets teen jou kan hê oor iets wat jy gedoen het. Wat kan jy doen om dit op te los?



# Geïsoleerd na Connected

## Connected mense daag op

**Galasiërs 6:2 [NAV]** “Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus.”

Die hele boek van Galasiërs gaan sterk van die punt af uit dat ons nie onder enige wet moet leef nie en dat ons deur Christus losgekoop is van die wet. Ons leef nie volgens reëls en reg- of verkeerdmergies nie. Ons leef uit die onverdiende genade van God. Tog praat ons vers van 'n “wet” van Christus - 'n manier van leef vir mense wat Christene is. Een van hierdie dinge is om mekaar se laste te dra.

Daarom is die tema van vandag se dagstukkies dat 'connected' mense opdaag. Wanneer jy werklik verhoudings in jou lewe prioriteit maak, daag jy op in moeilike tye vir jou mense. Elkeen van ons gaan op een of ander stadium deur moeilike tye. Dit kan 'n krisis, 'n verlies, 'n bekommernis of 'n vertwyfeling wees, maar om deur hierdie tye te kom het ons die ondersteuning van mense nodig. Dit is daardie persoon wat jou kinders by die skool gaan haal, iemand wat tyd maak om saam met jou koffie te drink, daardie teksboodskap wat sê dat daar vir jou gebid word of 'n mandjie met kos wat by jou huis afgelaai word as iemand in die hospitaal is.

**Spreuke 17:17 [NAV]** “Op 'n vriend se liefde kan jy altyd reken; jou broer is daar met die oog op jou nood.”

Nie almal se persoonlikhede is dieselfde nie. Daar is mense wat aangeskakel word as daar een of ander vorm van drama is, maar dan is daar baie van ons wat eerder wegskeem van drama of krisis af. Ongeag hoe jy aanmekaar gesit is; vriende daag op vir mekaar in tye van nood. Almal met wie jy 'connected' is, moet weet dat daar net een nommer is wat hulle kan skakel in 'n tyd van nood en jy sal daar wees. Die feit dat ander miskien in die verlede nie vir jou opgedaag het nie moet jou nie weerhou van omgee en barmhartigheid nie. Onthou Jesus self het gesê dat Hy gekom het om te dien en nie om gedien te word nie.

Elke keer as jy by mense opdaag in 'n tyd van nood, verdiep julle verhouding verder en breek jy meer van die geneigdheid wat ons almal het om te isoleer. Niemand behoort alleen deur 'n krisis te gaan nie.

### Gebed:

*Here, dankie vir elke verhouding in my lewe. Dankie vir almal wat al in tye van nood vir my daar was. Maak my 'n persoon van omgee, op wie mense kan reken in hulle tye van nood. Wys my die geleenthede waar ek 'n helpende hand kan uitsteek om ander te help met die laste waaraan hulle dra.*

---

---

---

### Oordink:

Dink gerus aan maniere wat jy die mense in jou verhoudingskring kan ondersteun. Maak my 'n lysie van aksies wat jy in die volgende week kan doen om vir iemand iets te beteken op 'n vriendskapsvlak.

# Geïsoleerd na Connected

## Connected mense groei saam

**Galasiërs 4:19-20 [NAV]** *“My kinders, ek verkeer van voor af weer in geboortepyne oor julle totdat Christus in julle gestalte kry. Ek wens ek kon nou by julle wees en op 'n ander toon met julle praat. Ek is werklik besorg oor julle.”*

Op 'n baie ernstige manier verduidelik Paulus in ons dagvers vir die mense in die gemeente van Galasië dat hulle meer soos Christus moet word. Hierdie proses waar ons al die verkeerde gewoontes afleer en meer soos Jesus word, noem ons geestelike groei. Elke Christen moet geestelik groei. Wanneer ons begin stilstaan en stagneer in ons verhouding met die Here, is daar iets fout.

### Ons groei op verskillende maniere geestelik:

Ons kan groei deur moeilike tye.

**Psalm 119:71 [NAV]** *“Dit is vir my goed dat ek swaargekry het, want daardeur het ek u voorskrifte geleer.”*

Ons groei deur Bybel te lees en te bid.

**1 Petrus 2:2 [OAV]** *“... en verlang sterk soos pasgebore kindertjies na die onvervalste Woord, dat julle daardeur kan opgroei.”*

Ons groei deur te dien en kerk toe te gaan ook, maar een van die maniere wat ons baie keer miskyk, is die feit dat ons groei deur van mekaar te leer. Die stories en stryd van ander en hoe hulle dit hanteer, leer vir ons baie van ons geestelike pad. Daarom moet vriende ook dieper gaan en tyd geestelik saam spandeer. Jy moet met jou vriende oor die dinge van die Bybel, die kerk en die Here kan praat sodat julle saam kan leer.

Daar is tyd in jou verhoudings vir lekker kuier en lekker lag, maar daar moet ook tye wees wat vriende saam worstel met die groeipyne van die lewe en jou verhouding met God.

Miskien kan julle saam in 'n Bybelstudie- of omgeegroep wees, of dalk saam 'n dagstukkieboek deurwerk, of elke keer as julle mekaar groet net verneem waarvoor jy in die week vir hulle kan bid. Op dié manier help ons mekaar dat Christus in ons lewens gestalte kry.

### Gebed:

*Aan die einde van hierdie week wat ek studie gedoen het oor hoe om werklik 'connected' te wees in my verhoudings, wil ek vir U, Here, dankie sê vir al die mense in my lewe. Help my om vanuit my isolasie te beweeg na dieper verhoudings met hulle om my. Wys ook vir my die maniere wat ek kan toepas sodat ek saam met die mense in my lewe kan groei.*

---

---

---

### Oordink:

Dink aan een stap wat jy kan neem om saam met 'n vriend geestelik te kan groei.



DVD-invulnotas:

*“Verder het die Here God gesê: 'Dit is nie goed dat die mens alleen is nie.’”*  
**Genesis 2:18 [NAV]**

*“Die selfsugtige mens lewe net vir homself ...”* **Spreuke 18:1 [NAV]**

*“Hy wat hom afskei, soek sy eie begeertes.”* **Spreuke 18:1 [OAV]**

**By Jesus sien ons dat hy vier verhoudingskringe gehad het:**

1. Die \_\_\_\_\_

*“Daarna het die Here twee en sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor Hom uitgestuur na elke dorp en plek waar hy van plan was om te gaan.”* **Lukas 10:1**

2. Die \_\_\_\_\_

*“Jesus het teen die berg opgegaan en die wat Hy wou hê, nader geroep, en hulle het na Hom gekom. Hy het toe twaalf, wat Hy apostels genoem het, aangestel om by Hom te bly sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek.”* **Markus 3:13-14 [NAV]**

- Die wat Hy \_\_\_\_\_.

- Hulle moes \_\_\_\_\_.

- Hy het in hulle \_\_\_\_\_.

DVD-invulnotas:

3. Die \_\_\_\_\_.

*“Ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus en sy broer Johannes saamgeneem en hulle op 'n hoë berg gebring waar hulle alleen was. Daar het sy voorkoms voor hulle oë verander: Sy gesig het begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos lig.”*

**Matteus 17:1-2 [NAV]**

*“Daarna neem Hy vir Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom. Hy het ontsteld en beangs geword en vir hulle gesê: ‘Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak.’”* **Markus 14:33-34 [NAV]**

4. Die \_\_\_\_\_ drie.

*“Jesus het vir Marta en haar suster en vir Lasarus liefgehad.”*

**Johannes 11:5 [NAV]**

Hoe verdiep ek my vriendskapskringe?

1. Neem \_\_\_\_\_.

2. Maak \_\_\_\_\_ van TYD.

3. Skep \_\_\_\_\_ ervarings.

4. Haal jou \_\_\_\_\_ af.

5. \_\_\_\_\_ in tye van krisis.



# Geïsoleerd na Connected

Vrae vir bespreking:

1. Vul in die onderstaande kolom die name (jy kan net voorletters gebruik) in van mense wat jy dink in die verskeie groepe van jou lewe val.

72	12	3	3

2. Maak 'n kringetjie langs sekere name wat jy dink nodig het om aan of terug te skuif in jou lewe. M.a.w. watter persoon wat miskien in no.12 is, kan skuif na een van die 3's toe of - andersom?
3. As jy dink aan die 12 in jou lewe, voel jy jy het dit nodig in jou lewe en hoe spreek jy die behoefte aan?
4. Is daar 'n onderskeid vir jou tussen die 3-3 groeperinge in Jesus se lewe? Wat sou jy sê is die verskil?
5. Lees as groep die volgende versie en verklaar wat dit vir vriendskappe beteken:  
**Spreuke 27:6** "Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met soene."
6. Watter twee opmerkings oor hoe om jou verhoudings te verdiep, daag jou uit en hoekom?

---

---

---

---

---

---

---

---

---

---





# Verdwaal na Gevind


**O**ns beweeg hierdie week van Verdwaal na Gevind

*Matteus 28:19-20 [NAV] "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense My dissipels: doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het."*



Preeknotas:

Move





# Verdwaal na Gevind

## Verdwaalde mense is oral om ons

**Lukas 19:1-4 [NAV]** *“Jesus het in Jerigo gekom en was oppad deur die stad. Daar was 'n man met die naam Saggeus, die hoof tollenaar, 'n ryk man. Hy het Jesus probeer sien, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy kort was. Hy hardloop toe vooruit en klim in 'n wilde vyboom om Jesus te kan sien, want Hy sou daar verbygaan.”*

Die mens se storie is 'n storie van soeke. Ons soek antwoorde, rigting, bevestiging, geluk en natuurlik ook na God. Binne elke mens is daar hierdie vakuum wat net God kan vul.

**Handelinge 17:27 [NAV]** *“God het die mens gemaak om na Hom te soek.”*

Isak de Villiers, die skrywer van die boek *“God en die wetenskap”*, skryf die volgende oor al die wetenskapvrae wat oor God en die kosmos gevra word: *“Elke mens se soeke om te weet is eintlik 'n soeke na God.”*

Selfs die ateïs soek na God, of altans het gesoek na God, maar is gefrustreerd in sy/haar soeke. Daarom is 'n goeie vertrekpunt vir hierdie week se dagstukkies-oordenking, nl. die feit dat alle mense orals na God soek. Jou buurman, jou kollega, jou vriende en familie.

In ons gelese verse vir die dag sien ons dat Saggeus ook soek. Hy was 'n tollenaar wat in die Bybelse tyd die tipe mens was wat nie noodwendig na Jesus sou soek nie. Die mense van daardie tyd het van sondaars in dieselfde asem as tollenaars gepraat. Hulle is nie mense wat soekend sou wees nie; tog sien ons dat hy soek en dat hy graag vir Jesus wil sien. Trouens, hy doen baie moeite om Jesus te sien; hy klim in 'n boom!

Ons kan maklik in ons lewens, as Christene wat ligdraers moet wees, die soekende en verdwaalde mense om ons miskyk omdat ons dink dat hulle nie noodwendig 'n behoefte aan Jesus het nie. Die feit is dat almal soek en verlore voel en ons moet hulle help om te vind.

### **Gebed:**

*Here, baie dankie dat ek gevind kan wees en nie verlore en verdwaald is nie. Dankie vir dit wat Jesus vir my kom doen het. Maak my 'n instrument in u hande om die wat nog verdwaal is te kan help om gevind te word deur die Herder wat na hulle soek. Maak my oë oop vir die mense om my en maak my sensitief vir hulle soeke.*

---

---

---

---

---

### **Oordink:**

Dink oor wie die mense is wat op 'n gereelde basis met jou lewe paaie kruis. Skryf 'n paar name neer wat jy dink dalk verlore voel en bid vir 'n geleentheid waar jy dalk 'n verskil in hulle lewens kan maak.

## Jesus sien verdwaaldes raak

**Lukas 19:4-5 [NAV]** “Hy (Saggeus) hardloop toe vooruit en klim in 'n wildeveboom om Jesus te kan sien, want Hy sou daar verbygaan. Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê: ‘Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuisgaan.’”

Ek dink Saggeus het amper uit die boom geval van skok. Eerstens sien hierdie man hom raak, ken sy naam en boonop wil hy by sy huis tuisgaan. Dag vir dag het hy as hoofollenaar die argwaan van die volk ervaar omdat hy vir die Romeinse regering belastings ingevorder het. Gereeld moes hy hoor dat die Verlosser wat sou kom nie vir hom sou wees nie en is sy naam ook in dieselfde asem as sondaars, prostitute en rondloperhonde gebruik. Daar was 'n Joodse gebed wat baie Jode gereeld gebid het wat iets soos die volgende gelui het: “Here, dankie dat ek nie 'n sondaar, tollenaar, slegte vrou of rondloperhond is nie.”

Hierdie raaksien en dan nog boonop die aandag wat Jesus aan hom gee, maak dat Saggeus totaal verander.

**Vers 8** “Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: ‘Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.’”

Dit is partykeer net die feit dat ons mense raaksien wat 'n verskil in hulle lewe maak. Hoe gereeld loop ons op 'n dag verby mense sonder om hulle regtig raak te sien? Die kassiere by die winkel, die skoonmaker by die gym, die stil persoon in die kantoor, die tiener wat moeilik en rebels lyk, die vrou met hartseer in die oë, die man wat diep bekommerd is oor sy toekoms, en die lys gaan aan en aan. Ons raak vasgevang in ons eie wêreld tot so 'n mate dat ons glad nie hulle wat verdwaald is, raaksien nie. As ons net kan beseef watter verskil 'n bietjie aandag aan hulle sal maak.

Die uitdaging aan elkeen van ons vandag is om op te let na die mense met wie ons vandag te doen kry. Groet hulle, bedank hulle of vra net bietjie uit oor hulle lewe. Dit mag dalk net vir jou vorentoe 'n geleentheid skep om die goeie nuus van Jesus wat gekom het om te soek en te red die wat verlore is, te deel.

### **Gebed:**

*Here, help my om vandag die mense wat in my lewe is en ook die wat verbygaan, raak te sien. Maak my sensitief om 'n gesprek te inisieer waar dit nodig is. Dankie dat U my vertrou om 'n lig in hierdie wêreld te kan wees.*

---

---

---

---

---

### **Oordink:**

Wat sou met Saggeus gebeur het as Jesus nie gestop het nie?  
Wie was die persoon of gemeente of bediening wat jou gedien het toe jy Jesus die leier van jou lewe gemaak het?

# Verdwaal na Gevind

## Hoe werk vriendskapsevangelisasie?

**Markus 2:14-15 [NAV]** “*Toe Hy (Jesus) by die tolhuis verbygaan, sien Hy Levi daar sit, en Hy sê vir Hom: 'Volg My!' Levi het opgestaan en Hom gevolg. Daarna het Jesus in Levi se huis gaan eet. Baie tollenaars en sondaars was saam met Hom en sy dissipels aan tafel, want daar was baie van hulle wat Hom gevolg het.*”

Levi was net soos Saggeus 'n tollenaar wat net veragting van die Jode gekry het. Op 'n dag stap Jesus by sy tolhuis verby en roep hom om een van sy dissipels te wees. Hieroor is hy so opgewonde dat hy al sy vriende nooi om saam met Jesus te kom eet en tyd te spandeer. Lukas noem dat Levi 'n groot feesmaal vir Jesus berei het en al sy vriende genooi het.

**Lukas 5 :29 [NAV]** “*Levi het 'n groot feesmaal in sy huis gehou ter ere van Jesus, en 'n groot getal tollenaars en ander mense het saam met hulle aangesit.*”

In hierdie storie vind ons die kernwaarheid van wat vriendskapsevangelisasie is. Ons almal het vriende en mense binne ons invloedssfeer. Ons moet goeie verhoudings met hierdie mense bou sodat ons hulle kan nooi om Jesus te ervaar. Dit is al wat Levi geglo het; as sy vriende net Jesus kon ervaar sou hulle ook soos hy Hom wou volg. Deur ons vriende kerk toe te nooi, nooi ons hulle uit om Jesus te ervaar. Dit is in hierdie veilige omgewing van gemeentelewe wat ons hoop dat hulle Jesus sal beleef soos wat ons Hom beleef het en sal voel hulle wil Hom volg.

Juis vir dié rede is dit nodig dat ons sal oplet na die mense wat God ons pad langs stuur, sal bid vir hulle en elke geleentheid wat ons kry, gebruik om hulle kerk toe te nooi sodat hulle Jesus kan ervaar.

Vriendskapsevangelisasie kan opgesom word in drie stappe:

1. Bou verhouding met mense wat verdwaal (kerkloos en kerklos) is.
2. Dien hulle en bid vir hulle sodat hulle gereed sal word om Jesus te ontmoet.
3. Nooi hulle kerk toe.

### Gebed:

*Here, ek sien die mense raak wat U in my lewe geplaas het en wil vandag graag vir hulle bid dat U hulle harte sal voorberei en vir my die geleentheid sal gee om hulle te nooi om U te ontmoet.*

---

---

---

---

---

### Oordink:

Maak net 'n lysie van hierdie mense in jou lewe.

# Verdwaal na Gevind

## Hier is ek Here, stuur my!

**Jesaja 6:8 [NAV]** “Toe het ek die Here hoor vra: 'Wie kan ek stuur? Wie sal my boodskapper wees?' Ek het geantwoord: 'Hier is ek! Stuur my!’”

Hierdie woorde van die profeet Jesaja is seker die kragtigste, mees lewensveranderende woorde wat enige persoon kan uiter! “Hier is ek! Stuur my!” Dit is die tipe woorde wat van 'n skaam introvert 'n kragtige getuie maak. Wat van 'n selfgesentreerde mens 'n dienaar maak, en wat verdwaalde mense opspoor en help om gevind te word.

As ons deur die evangelies (Matteus, Markus, Lukas en Johannes) die storie van Jesus volg, vind ons gereeld dat Jesus die groot nood wat daar is, uitwys. Dit is duidelik dat daar nie 'n gebrek aan 'n oes is nie, maar eerder 'n gebrek aan arbeiders.

**Matteus 9:36-37 [NAV]** “Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hy sê toe vir sy dissipels: ‘Die oes is groot, maar die arbeiders min.’”

Jesus sien al die mense en Hy besef dat daar te min hande is om hulle behoeftes aan te spreek. As ons om ons kyk moet ons erken dat die behoefte geweldig groot is. So baie mense sukkel in hulle huwelike, met hulle kinders of hulle ouers, finansieel, met eensaamheid of depressie. Die oes en behoefte is groot. Baie mense het nie 'n dak oor hulle kop of kos om te eet of 'n hoop op 'n toekoms nie. Die oes en behoefte is groot. Miljoene reg oor die wêreld en in ons eie omgewings het nog nooit van Jesus gehoor nie. Die oes is groot. Wat kan ons doen?

Dit begin by iets eenvoudig soos om te sê: “Hier is ek, stuur my!”

Begin aanmeld by jou gemeente vir 'n bediening. Raak betrokke by 'n uitreik of sendingaksie. Voeg aksie by jou woorde en kyk wat die Here deur jou kan doen.

Hier is ek, stuur my!

### **Gebed:**

*Hier is ek Here, stuur my!*

---

---

---

---

---

---

---

### **Oordink:**

Vind uit waar jy betrokke kan raak by 'n bediening of uitreik in jou gemeente. Moenie langer net sit en bedien word nie, maar MOVE en word deel van hulle wat help om verdwaaldes te vind!

# Verdwaal na Gevind

## Overflow

**Johannes 7:38-39 [NAV]** *“Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei. Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang.”*

**Handelinge 1:8 [NAV]** *“Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal My getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”*

Hierdie twee verse het net die ander dag vir my oopgegaan toe ek na 'n spontane stukkie aanbidding van Bethel op die internet geluister het. Die sanger het die volgende woorde oor en oor gesing: *“Your presence it is life to our very bones, now we drink You in, now we overflow.”*

Terwyl ek hierna geluister het het ek net besef hoe ons soms as Christene meer van die Heilige Gees in ons lewens wil hê. Ons woon dienste van spesiale sprekers by, ons gaan op kampe, ons kyk DVD's, luister na musiek en bid vir meer in ons lewens. Hierdie is goed en moet so wees, maar my vraag is: *“Wat maak ons met die 'meer' wat ons in ons lewens ontvang?”*

Ons kan dit nie net vir onself hou nie. Die vervulling van die Heilige Gees moet by implikasie beteken dat daar vanuit my lewe 'n “overflow” sal wees wat in die droë en dorstige wêreld om ons sal invloei en dorstige mense se dors sal les.

Jesus verwys na die Heilige Gees as strome wat vanuit ons binnestes vloei. Hierdie strome moet ons omgewings en invloedsefeer ook raak.

Verder verklaar Jesus in Handelinge 1:8 dat ons die Heilige Gees met en vir 'n spesifieke doel ontvang. Hierdie doel is om getuies te wees. Die “overflow” maak dat ons mense meer van Hom kan vertel en waar ons kom, ons omgewings en situasies kan help verander.

Ons het 'n roeping om deel te wees van hulle wat help om verdwaaldes te vind.

### **Gebed:**

*Bid hierdie woorde 'n paar keer deur in jou stilletyd en laat dit vanuit jou vloei: “Your presence it is life to my very bones, now I drink You in, now I overflow.”*

---

---

---

---

---

### **Oordink:**

Lees weer die twee verse van vandag se dagstukkies en vra die Here om jou 'n instrument te maak wat “overflow” in jou gemeente, en jou gemeente, 'n instrument te maak wat “overflow” in julle gemeenskap.

## Gebed vir almal ...

Vandag se dagstukkies gaan anders wees as dit wat jy tot dusver gedoen het. Ek wil jou uitdaag om vandag te gebruik vir voorbedding. Jy gaan bid vir verdwaalde mense sodat hulle die Here kan vind.

Luister na hierdie gebed van die eerste gemeente in Handeling:

**Handelinge 4:29-31 [NAV]** *“En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig. Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u Heilige Dienaar, Jesus. Nadat hulle gebed het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.*

### Gebed 1

Bid vir jouself vir vrymoedigheid om sy woord te kan verkondig in jou vriendekringe en verskillende kringe waar jy beweeg. Moenie vergeet om vir die Here te sê: “Hier is ek, stuur my”, nie.

### Gebed 2

Bid vir jou gemeente se leiers. Bid dat hulle die stem van die Here sal hoor en op kreatiewe maniere die goeie nuus van Jesus sal aanhou verkondig. Onthou hulle word ook soms moedeloos en word ook aangeval deur ons vyand, die duiwel. Bid vir hulle vir vrymoedigheid om die woord te verkondig.

### Gebed 3

Bid vir al die bedieninge in jou gemeente en ook vir al die uitreike. Gemeentes is betrokke by baie projekte. Hierdie projekte het soms befondsing, leiers en vrywilligers nodig. As jy nie weet watter projekte daar is nie, vra gerus jou pastoor sodat jy daarvoor kan bid.

### Gebed 4

Bid vir hulle wat as sendelinge optree in vêr lande waar die kulture soveel anders is. Bid vir hulle vir finansiële voorsiening en ondersteuning. Vra vir die Here om vir hulle deurbrake te gee in die areas waar hulle werk. Bid ook vir hulle beskerming. As julle gemeente 'n sendingaksie het, kan jy ook gerus vir die sendingkoördineerder vir die name en behoeftes van sendelinge vra, sodat jy meer spesifiek kan bid.

### Gebed 5

Ons besef dat die oes groot is en die arbeiders min (vgl. Matteus 9:37-38). Bid dat die Here van die oes meer arbeiders in julle gemeente sal opwek om te help met die groot oes van verdwaalde mense.

---

---

---

---

---

---

---

### Oordink:

**Lukas 19:10 [NAV]** *“Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.”*



## DVD-involnotas:

**Matteus 28:19-20 [NAV]** “Gaan dan na \_\_\_\_\_ en maak die mense My dissipels: doop hulle in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.”

**Handelinge 1:8 [NAV]** “Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees in \_\_\_\_\_ sowel as in die hele \_\_\_\_\_ en in \_\_\_\_\_ en tot in die \_\_\_\_\_.”

## Kom ons praat oor hierdie verskillende kringe van uitreik.

### 1. Jerusalem

Ons glo dat \_\_\_\_\_ die beste manier is om mense wat kerkloos en kerklos is te bereik. Elkeen van ons is ligdraers daar waar ons is.

### Matteus 5:13 en 14.

“Julle is die \_\_\_\_\_ van die aarde... Julle is die \_\_\_\_\_ vir die wêreld.”

Die storie van Levi in Lukas 5:27-31 illustreer vriendskapsevangelisasie baie goed.

Hierin lê 'n eenvoudige formule van hoe ons ons vriende, familie, kollegas en mense in ons invloedsfere kan bereik.

- \_\_\_\_\_
- \_\_\_\_\_
- \_\_\_\_\_

DVD-invulnotas:

## 2. Judea

Jesus se woorde in **Matteus 25:43-45 [NAV]**

“ 'Ek was 'n vreemdeling, en julle het My nie gehuisves nie; sonder klere, en julle het My nie klere gegee nie; siek en in die tronk, en julle het My nie versorg nie.' Dan sal hulle ook antwoord: 'Here, wanneer het ons U honger of dors of 'n vreemdeling of sonder klere of siek of in die tronk gesien en U nie gehelp nie?' En Hy sal hulle antwoord: 'Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.' “

## 3. Samaria

Wie was die Samaritane?

---

---

---

## 4. Uithoeke van die wêreld

Jesus praat van die uithoeke van die wêreld. Die goeie nuus moet vlerke kry.

Die eerste gemeente in Handeling 13 het hierdie opdrag baie ernstig opneem en vir Paulus en Barnabas afgesonder om sendingreise na die destydse uithoeke van die wêreld te onderneem.





## DVD-invulnotas:

**Handelinge 13:2-4 [NAV]** “Toe hulle op 'n keer bymekaar was om die Here te dien en om te vas, het die Heilige Gees gesê: ‘Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het.’ Nadat die gemeente gevas en gebid en hulle die hande opgelê het, het die gemeente hulle laat gaan. So is Barnabas en Saulus deur die Heilige Gees uitgestuur. Hulle het na Seleukië toe gegaan en daarvandaan na Siprus toe oorgevaar en in Salamis aangekom. Daar het hulle die woord van God in die Joodse sinagoges verkondig. Hulle het Johannes by hulle gehad om hulle te help.”

## Vrae vir bespreking:

1. Wat is vir jou die moeilikste van die groot opdrag van Jesus in Matteus 28:19?
2. Neem nou tyd in die groep om 'n paar name neer te skryf vir wie jy dink jy met die goeie nuus kan bereik deur uit te reik en te nooi.
3. Lees **Lukas 19:1-10** en maak 'n lysie van die dinge wat Jesus gedoen het wat gehelp het dat Saggeus se hart sag geword het.
4. Lees veral vers 10 weer saam. Neem kennis van wat Jesus se missie was.
5. Van watter projek weet jy waarby die gemeente betrokke is, of wat in die groter metro aan die gang is wat julle as groep kan ondersteun of by betrokke raak?
6. Watter sendelinge is daar waarvan julle weet?  
Neem nou tyd om vir hierdie sendelinge te bid.





# Angstig na Vrede

**O**ns beweeg hierdie week van Angstig na Vrede

*Filippense 4:6-7 [NAV] “Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.”*



# Angstig na Vrede

## Jesus se vredevolle teenwoordigheid in storms

*Lees Markus 4:35-41*

Ek dink dit is veilig om die volgende aanname te maak: *Almal was al die een of ander tyd bekommerd.*

Van ons is so nou en dan bekommerd oor iets. Dalk is jy iemand wat meer gereeld rondloop met bekommernis en angstigheid? Dalk kan jy nie onthou wanneer laas jy *nie* bekommerd was oor iets nie? Sommige mense raak juis bekommerd wanneer hulle niks het om hul oor te bekommer nie.

Ons beleef soms bekommernis en angstigheid, want die lewe is vol onvoorspelbare uitdagings en storms. Dit is binne hierdie uitdagings dat Jesus ons nooi na 'n lewe van vrede. Dit is juis in die lewe se storms dat ons die “nie-angstige” teenwoordigheid van Jesus leer ervaar. Die skrywer John Ortberg stel dit so: *“Peace doesn’t come from finding a lake with no storms. It comes from having Jesus in the boat.”* (Bl. 116 “*The me I want to be*”)

Lees gerus vandag die gedeelte in Markus waar Jesus saam met sy dissipels 'n storm beleef. In hierdie gedeelte kan ons drie vrae identifiseer: die dissipels vra 'n vraag aan Jesus, Jesus vra 'n vraag aan die dissipels, en dan vra die dissipels 'n retoriese vraag aan mekaar.

Lees biddend deur die vrae en raak bewus van wat God jou wil wys deur elkeen van hierdie vrae. Skryf gerus jou gedagtes neer. (Probeer agterkom wat die emosie en rede agter die vrae is. Raak ook bewus waar jy al soortgelyke vrae gevra het, of waar hierdie vrae al aan jou gevra is.)

### Vraag 1:

In die middel van die storm maak die dissipels vir Jesus wakker en vra: “... Meneer, gee U dan nie om dat ons vergaan nie?” **Markus 4:38b [NAV]**

---

---

### Vraag 2:

Jesus stel die vraag aan die dissipels: “... Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie?” **Markus 4:40 [NAV]**

---

---

### Vraag 3:

Die dissipels sê/vra aan mekaar: “Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê: “Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?”” **Markus 4:41b [NAV]**

---

---

## Wie is ek in die storm?

*Lees Markus 4:35-41*

Ons gaan vandag weer kyk na die gedeelte waar Jesus die storm stilmaak.

Die bekende skilder, Rembrandt, het hierdie gedeelte van die evangelie in 'n skildery getiteld: “*The Storm on the Sea of Galilee*” uitgebeeld. Google gerus hierdie skildery en gebruik dit as deel van jou oordenking vandag.

Wat hierdie skildery so interessant maak, is die feit dat daar nie twaalf nie, maar dertien dissipels saam met Jesus op die boot is. Wie is die dertiende dissipel?

Rembrandt was bekend daarvoor dat hy homself in sy skilderye ingeverf het. In 'n mate wys hy hierdeur ook vir ons om *onself in die evangelie te vind*. Ons word genooi om ons hoop, ons drome, ons bekommernis en angstigheid na God te bring.

In hierdie skildery het elkeen van die figure hulle eie reaksies op die storm. In ons bekommernis en angstigheid tree ons elkeen op 'n bepaalde manier op. **Met watter van die persone se reaksie kan jy op die oomblik die meeste identifiseer?** (Besef ook vandag dat in verskillende situasies, en verskillende tye van jou lewe jy dalk ander reaksies gehad het.)

### Besig bo-op die boot

Boaan die skildery is 'n man wat lyk of hy die leier van die boot is. Hy is gefokus en werk met die seil. Dit wil voorkom of die storm vir hom 'n uitdagende avontuur is.

### Probeer die probleem oplos

Daar is drie manne verwoed besig om rond te skarrel by die mas van die boot. Die sterk wind het skade gebring aan die mas en die seil en hulle probeer om die seil reg te maak.

### Hou net-net nog vas

Daar is 'n baie groot brander wat teen 'n man aan die linker-middelkant van die boot spoel. Die man klou vir al wat hy werd is.

### Bang

Die meeste van die manne op die boot lyk vreesagtig. Die man aan die regterkant van die boot se angstigheid is amper voelbaar. Hy buig vooroor en kyk bekommerd na die brander.



- Blaai om -

# Angstig na Vrede

## Wie is ek in die storm? (vervolg)

Lees Markus 4:35-41

### Siek

Onder, aan die linkerkant van die boot, is 'n man met sy hand op sy voorkop en hy lyk baie siek.

### Kwaad vir God

Twee van die mans lyk baie kwaad vir Jesus, waarskynlik omdat Hy in hierdie storm slaap. Hulle skud Hom wakker en vra Hom of Hy enigsins omgee.

### Stil en alleen

Onder links is 'n man wat 'n mens maklik in die skildery kan mis. Hy sit alleen met sy rug na ons. Dit lyk of hy hom distansieer van die chaos op die boot. Dit lyk of hy staan na iets?

### Voel Verlore

Onder is daar 'n man met 'n blou hemp aan. Sy een hand is op sy voorkop en met sy ander hand hou hy 'n tou vas. Hy staan die diepsee in. Dalk is hy oorweldig met emosie. Hy is baie naby aan Jesus, maar sy rug is na Jesus gedraai.

### Aanbid die Here

Daar is slegs een man wat voor Jesus kniel en met geloof en vertroue na Hom kyk in die storm.

### Aan die stuur

Daar is 'n man agter die boot besig om die boot te probeer stuur in hierdie storm.

### Gebed:

*Here, help my om vandag te weet dat U saam met my in die storm is. Laat my reaksie binne elke storm beweeg na vredevolle vertroue. Amen.*

---

---

---

---

---

### Oordink:

Met watter persoon se reaksie identifiseer jy op die oomblik die meeste en wat is Jesus se uitnodiging aan jou?

## Vrede in onsekerheid

Lees Genesis 12:1-4

'n Bron van baie bekommernis en angstigheid is soms vrees vir die toekoms. 'n Groot rede vir bekommernis oor die toekoms is die *onsekerheid* oor die toekoms. Daardie gevoel van “*ek kan nie dinge beheer nie*” laat baie van ons soms na asem snak.

'n Persoon in die Bybel wie se naam sinoniem is met onsekerheid, is Abram. Ons lees van hoe God hom roep na onsekerheid. Uit hierdie kort gedeelte oor Abram se roeping kan ons drie vrae identifiseer om ons te help om te leef met vrede binne enige vorm van onsekerheid.

### 1. Wat is daar wat ek kan doen?

So baie mense is geneig om alle verantwoordelikhede op God af te skuif. Een van my dosente het gereeld vir ons as klas herinner God leef *saam* met ons en nie *namens* ons nie. Daar is sekere dinge wat God van ons vra om te doen.

*In vers 4 van Genesis 12 lees ons: “Abram het toe weggetrek, gehoorsaam aan die woord van die Here...” [NAV]*

'n Eerste vraag wanneer ek bekommerd voel oor die toekoms is: Wat is daar wat ek kan doen? Anders gestel: Wat is daar wat ek moet doen? Wat is die stap van gehoorsaamheid wat God in hierdie bepaalde area van my vra? Wanneer jy die antwoord het, doen dit. Doen dit dadelik. Doen dit na die beste van jou vermoë.

Daar is egter ook 'n tweede gedeelte van hierdie vraag. Die dinge wat ek nie kan doen nie, gee dit vir God. Ons lees ook die volgende: “*Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom.*” **Hebreeërs 11:8 [NAV]**

### 2. Waarop fokus ek?

Fokus ek net op die dinge wat my angstig en bekommerd maak? Hou ek my verbeelding besig met die “wat as...” scenarios? In hierdie gedeelte sien ons dat God vir Abram beloftes gee om op te fokus. Lees gerus weer hierdie gedeelte en kyk hoeveel beloftes jy kan identifiseer.

### 3. In wie se hande is my toekoms?

Twee woorde wat vier keer herhaal word in hierdie gedeelte is die woorde: “Ek sal...” Abram se toekoms is in God se hande.

#### **Gebed:**

*Here, help my om te onderskei tussen die dinge wat ek kan doen en die dinge wat buite my beheer is. Gee my genoeg energie, moed en deursettingsvermoë om dan op te tree. Ek wil U met oorgawe vertrou met die dinge wat ek nie kan doen nie. Mag ek gereeld herinner word aan u beloftes soos ek my toekoms in u hande plaas. Amen*

#### **Oordink:**

Wat is dit waaroor jy bekommerd is? Identifiseer twee dinge wat binne jou vermoë is om iets hieraan te doen. Lys 'n paar beloftes wat God jou oor hierdie saak gegee het.



# Angstig na Vrede

## Waar vind ek hulp?

*Lees Psalm 121*

Hierdie Psalm word 'n Pelgrimslied genoem, m.a.w. dit is 'n lied wat veral gesing was wanneer mense op reis was. Ons ken die onsekerheid van op reis wees!

Die skrywer van hierdie lied begin met die volgende woorde: *“Ek kyk op na die berge ...”*

*Ek kyk op* - ons word sommer hier aan die begin herinner dat daar iets is wat niemand van 'n mens kan wegneem nie. Geen mens en geen omstandigheid kan jou en my vryheid wegneem om ons fokus op sekere dinge te kan plaas nie. Elke mens is gemaak met die vryheid om te kies waar hy of sy hul fokus gaan sit.

*Ek kyk op na die berge* - Ons wat in Suid-Afrika woon, ken die prag van berge. Vir die antieke mens (wat op reis was) was berge mooi, maar dit was ook baie keer 'n bron van onsekerheid, uitdaging en gevaar. Onthou hulle het te voet gereis en het nie die luuksheid van 4x4's gehad nie. Dikwels het daar ook bendes, rowers en wilde diere in berge geskuil. Dit was gevaarlik om tussen bergtoppe en die klowe te reis, en dit was uitputtend om oor bertoppe te reis. Jesus het selfs eenkeer ter illustrasie vertel van 'n man wat op reis was wat deur rowers aangeval was.

Wanneer die skrywer dus sê: *“Ek kyk op na die berge...”*, kan ons met vrymoedigheid invoeg – ek kyk op na my *uitdagings*, of ek kyk om my na *onsekerheid*, ek sien *probleme* om my raak.

Ek kyk om my en al hierdie dinge steel my vrede. Hierdie dinge maak my angstig en dit bring my dan ook op 'n plek waar ek vraend uitroep: *“Waarvandaan sal daar vir my hulp kom?”*

In vers 2 kom die skrywer met 'n antwoord. Hy skets ook vir ons 'n prentjie van wie God is.

*“My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.” Psalm 121:2 [NAV]*

- Waar vind jy op hierdie stadium hulp en rus vir uitdagings?
- Wat is jou ware prentjie van God?

### **Gebed:**

*Here, mag my fokus nie my probleme en uitdagings wees nie, maar help my om te fokus op wie U is. Ek vertrou U met die berge in my lewe want U is my Beskermer. Amen.*

---

---

---

---

### **Oordink:**

Wat leer Psalm 121 jou oor die karakter van God?

## Oorweldig

*Lees Markus 14:32-42 [NAV]*

Christenskap is die enigste godsdienst wat vertel van 'n God wat aarde toe gekom het en kom ly het. Jesus kan ons help beweeg van angstig na vrede want Hy het self daardie beweging in sy lewe beleef.

Die nag voor die kruisiging bevind Hy en sy dissipels hulself in 'n olyfboord, 'n tuin met die naam Getsemane. Johannes (Johannes 18:1-2) vertel vir ons dat Jesus en sy dissipels dikwels daar gekom het. Dit is hier waar Jesus intense angstigheid en onsteltenis beleef.

Markus sê Jesus het ontsteld en beangs geword. (Markus 14:33). Die woord wat Markus gebruik vir beangs, is 'n baie beskrywende woord en beteken letterlik: “Om oorweldig te word deur gruwel.”

Markus gaan verder in sy vertelling en sê dan Jesus beskryf sy toestand met die volgende woorde: “Ek voel doodsbenoud.” Die Ou Afrikaanse vertaling vertaal Jesus se woorde as volg: “My siel is diep bedroef tot die dood toe.” **Markus 14:34 [OAV]**

Wanneer ons angstig voel, wanneer ons benoud is en dit voel of donkerte om ons toesak, weet ons Jesus weet presies wat ons deurmaak.

Jesus worstel daardie aand met opsies. Jesus beleef daardie aand iets van wat Hy uiteindelik aan die kruis sou beleef as Hy alleen in donkerte sou sterf. Lukas (wat 'n mediese dokter was) vertel vir ons Jesus se angstigheid was so erg dat Hy letterlik bloed gesweet het. (Lees Lukas 22:39-46)

Uiteindelik beweeg Jesus van angstigheid na vrede deur 'n totale oorgawe aan die wil van God. In vers 36 lees ons die volgende gebed: “Abba, Vader, alles is vir U moontlik. Neem hierdie lydensbeker van My af weg. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil.” **Markus 14:36 [NAV]**

### **Gebed:**

*Here, dankie dat U my ontmoet in my donkerste momente. Lei my na 'n plek waar ek oorgee aan u wil. Amen.*

---

---

---

### **Oordink:**

Andrew Murray het die volgende gesê oor God se wil: “We find the Christian life so difficult because we seek for God's blessing while we live our own will.”

Lys areas in jou lewe waar jy soms God se seën meer as God se wil soek. Dink dan aan maniere hoe jy God se wil in daardie areas meer kan leef.

# Angstig na Vrede

## Vrede

**Johannes 14:27 [NAV]** *“Vrede laat Ek vir julle na; My vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.”*

Die meeste mense soek vrede.

Jesus praat in hierdie gedeelte oor twee soorte vrede. Hy maak dit duidelik dat daar 'n vrede is wat die wêreld vir ons gee, en hierdie vrede is nie dieselfde as die vrede wat Hy vir ons gee nie. Kom ons kyk na hierdie twee soorte vrede.

**Vrede wat die wêreld gee:** Hierdie tipe vrede hang gewoonlik af van omstandighede en kan op baie plekke en in verskeie dinge gevind word. Daar is niks fout met hierdie vrede nie. Daar is min dinge so lekker as om vredevol op die strand te lê, of om op 'n vakansie rus en vrede te beleef. Hierdie vrede hou egter nie vir altyd nie.

**Die vrede waarvan Jesus praat, is blywend:** Dit was die kerkvader Augustinus wat gesê het: *“God, you have made us for yourself and restless is our hearts until it finds its rest in you.”* Tot 'n persoon vrede met God beleef, sal hy aanhou hunker en soek na vrede.

'n Baie bekende Hebreeuse woord wat gewoonlik met vrede vertaal word is die woord: Shalom. Shalom is soveel meer as net vrede. Die predikant Tim Keller beskryf die woord as volg: *“It means complete reconciliation, a state of the fullest flourishing in every dimension - physical, emotional, social, and spiritual - because all relationships are right, perfect, and filled with joy.”* **(BI 174 Generous Justice, 2010)**

Wanneer Jesus dus sê Hy laat ons vrede na, beskryf Hy 'n lewe wat floreer in elke fase. Wanneer ons beweeg van angstigheid na vrede, beweeg ons dus na 'n lewe wat werklik gesond is en waarvan God vir ons droom.

### Gebed:

*Here, dankie vir die vrede wat U vir my gee. Ek wil in daardie vrede leef ongeag die omstandighede wat ek myself in bevind. Here, weerhou my van 'n lewe wat passief en passieloos is. Ek wil aktief wees in die uitleef van u vrede. Mag u koninkryk kom. Amen.*

---

---

---

---

---

---

---

**Oordink:** Waar in jou lewe sien jy tans die vrede waarvan Jesus praat. In watter areas van jou lewe ontbreek daardie vrede? Wat is die “vrede-diewe” waarvan jy vandag bewus raak?



## DVD-invulnotas:

Met watter een woord sal jy vir Jesus beskryf?

· Vrede beteken nie \_\_\_\_\_

· Vrede beteken nie \_\_\_\_\_

**Jesus se hele koms na die aarde praat van vrede:**

*Lees Jesaja 9:5-6; Lukas 2:14; Johannes 14:27.*

Hoe leef ons in vrede ten spyte van uitdagende omstandighede?

1. \_\_\_\_\_

2. \_\_\_\_\_

3. \_\_\_\_\_



## Vrae vir bespreking:

### Openingsvraag:

- Met watter plek of persoon assosieer jy die woord vrede?
- Vertel ons van 'n situasie hierdie week waar jy God se vrede kon sien of ervaar het.

### Groepvrae:

1. As jy één woord kon kies om Jesus te beskryf, watter woord sal dit wees?  
Vertel ook aan die groep waarom jy daardie woord gebruik?
2. Lees gerus *Jesaja 9:5-6*; *Lukas 2:14*; *Johannes 14:27*.  
Dallas Willard gebruik die woord “Vredevol” vir Jesus. Sou dit 'n woord wees wat jy sou assosieer met Jesus? Waarom, of waarom nie?
3. Wat het jy al ervaar, is die dinge wat geneig is om vrede uit 'n mens se lewe te steel?  
Nadat van die groeplede 'n paar dinge genoem het, moedig die groep aan om meer persoonlik te raak: Uit al die dinge wat ons nou genoem het, is daar tans dinge wat vrede by jou steel?
4. Angstigheid is al beskryf as vrees wat in ons lewens kom “tasse uitpak”.  
Angstigheid word baie keer veroorsaak deur sekere gedagtes, persone of situasies.  
Indien jy soms angstigheid beleef, wat is gewoonlik die dinge wat angstigheid in jou lewe veroorsaak?
5. Watter effek het angstigheid of 'n lewe van min vrede op 'n mens se lewe?  
Watter effek het dit al op jou lewe gehad?
6. Lees *Filipense 4:6-7*  
Wat is die dinge wat jou al gehelp het om te beweeg van angstigheid na vrede?

---

---

---

---

---

---

---

---









# Move



